Downloaded from Stanmorephysics.com CLICK HERE




basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12




## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2021

downloaded from stanmorephysics.com

**PUNTE: 70**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 40 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Roman | (35) |
| AFDELING B: Drama | (35) |
| AFDELING C: Kortverhale | (35) |
| AFDELING D: Gedigte | (35) |

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

5. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Bestee ongeveer 75 minute aan elke afdeling.

9. Skryf netjies en leesbaar.

downloaded from stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 9 |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 13 |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 17 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 21 |
| 6. *Paljas* | 35 | 25 |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 29 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Van Precious: 'n Buisie salf" | 18 | 33 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Vegvlieënier Vivian" | 17 | 35 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Ek het 'n huisie by die see" | 18 | 37 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Rondom my" | 17 | 39 |


downloaded from stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

## KONTROLELYS

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5–7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

> Vandat hy kan onthou, is Oupoot die mees gevreesde olifant in die Bos. Geen houtkapper het sonder respek van hom gepraat of sy spoor gekry en nie onmiddellik gekyk watter kant die wind waai nie.
>
> Hy was veertien toe hy Oupoot vir die eerste keer gesien het. Baie dinge het met hom gebeur toe hy veertien geword het …
>
> Die godsiekte het twee maande voor sy verjaarsdag deur die Bos getrek: masels, kinkhoes en plek-plek waterpokke. Magdalena moes eerste gaan lê.
> Toe Sara inval, het hul ma ook siek geword. Masels. Hy en sy pa en Jozef en ou Anneries het ver van die huis af kalander vir dwarslêers gewerk en van niks geweet nie.
>
> Tant Martjie van oom Martiens Botha, wat ook by Groot Eiland huisgemaak het, het ou Maska gestuur om hulle te soek. As jy die Bos ken en weet in watter rigting om te soek, kan jy soek, so nie moet jy wegbly uit hom. Mens hoor 'n byl se kap diep Bos in en ou Maska het hulle die derde dag gekry. Oom Gert Oog-hulle het 'n paar myl huiskant van hulle gekap en hom gesê waar hulle is.
>
> Hulle het die vuur doodgegooi en dadelik huis toe begin stap. Ses ure se harde stap. Toe die sewester vir middernag sit, het hulle Groot Eiland se oopte binnegeloop.

1.1 Waarheen (die plek) was Saul en Jozef op pad toe Saul vir die eerste keer vir Oupoot gesien het? (1)

1.2 Daar was gebeure rondom die bloubokkie wat gemaak het dat Saul anders na die grootmense begin kyk het.

1.2.1 Wat het die grootmense oor die gal gesê? (1)

1.2.2 Hoe het Saul ontdek dat dit nie waar is nie? (1)

1.2.3 Hoe het Saul ná hierdie gebeure na die grootmense gekyk? (1)

1.3 Bespreek Saul se innerlike konflik toe hy vir die eerste keer die wêreld buite die Bos gesien het. Verwys na albei kante van die konflik. (2)

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.4) neer.

Dink aan die keer toe Joram aangekondig het dat hy die groot kalander wou afkap.

Spanning tussen Saul en Joram is toe geskep deur te beskryf hoe ...

A Oupoot se spore om die skerm gelê het.
B Jozef geweier het om Saul te help.
C Mostert en sy hond op die plek waar hulle gekap het, opgedaag het.
D die Barnards vir sewe dae gekap het voordat die kalander geval het. (1)

1.5 In enige roman is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | Saul het sy pa gewaarsku dat hulle besig was om hulself en alles om hulle te vernietig. | A | Jozef het vir Saul verdink dat hy namens Harison op die Bosmense spioeneer. |
| 1.5.2 | Saul het gesien sy pa-hulle skiet toe ook olifante om die ivoor te verkoop. | B | Saul is in die sosiale kringe op Knysna aanvaar. |
| | | C | Oupoot loop in 'n sirkel om die delwers se kamp. |
| 1.5.3 | Saul het saam met Patterson Bos toe gegaan. | D | Joram het vir Saul weggejaag. |
| 1.5.4 | Saul het aan die lewe buite die Bos gewoond geraak. | E | Saul het die geleentheid gekry om uit MacDonald se skewe sirkel te ontsnap. |

(4 x 1) (4)

1.6 Vertel van DRIE geleenthede waar Oupoot aan Saul verskyn het of oor hom gewaak het vandat hy by MacDonald begin werk het totdat hy besluit het om die Bos te verlaat. (3)

1.7 Kan 'n mens Saul as hoofkarakter bewonder? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

1.8 Gee TWEE redes waarom die titel gepas is. (2)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

Hy hoor die skoot toe hy aan die bopunt van Streepbos deur die seweweekvarings sukkel, en dit voel of die skoot sy eie lyf tref. Amper onmiddellik ná die knal dreun dit deur die Bos van die uittrompetter van 'n olifant se pyn. Harder en harder en harder, totdat die bloed in Saul wil verys en die tweede skoot godsgenadiglik die verskriklike angsbasuin tot stilte ruk, en die bosvloer onder die neerslaan van tonne sidder.

Here?

En die wêreld begin stadig om hom tol en tol en tol.

Here?

Eers toe die gevoel van eie dood deur hom gaan, ruk die tollende ruigtes tot stilstand en stoot bitter klonte askoek in sy keel op.

"God, hulle het Oupoot geskiet!"

Nie 'n voël se roep nie – nie woede nie – nie 'n tak se kraak nie – niks. Asof die Bos in bo-aardse stilte sy skok uitgalm en in verborgenheid sy rou oor sy koning bekla.

Ná 'n ruk begin 'n enkele loerie kok-kok-kok soos een wat tydsaam huil.

Saul kruip van sy braaksel weg en gaan lê met sy gesig teen die koel aarde soos teen 'n hoeder, totdat sy liggaam verby grense vlug en die droë snikke deur hom breek.

"Baas Saul!" Maska se stem kom uit 'n tonnel. "Baas Saul!" Diep uit die tonnel. "Baas Saul!" Nader. Nog nader. Al dringender.

1.9 Wie het vir Oupoot geskiet? (1)

1.10 Noem TWEE redes waarom Saul die Donderdagnag voordat Oupoot geskiet is, so sleg geslaap het. (2)

1.11 "God, hulle het Oupoot geskiet!" (Reël 11)

Wat sê hierdie woorde van die emosie wat Saul op daardie oomblik ervaar het? (1)

1.12 Maska herhaal die woorde "Baas Saul!" 'n paar keer.

1.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In die tyd waarin die roman afspeel, dui die woord "Baas" op Maska se (respek vir/woede teenoor) Saul. (1)

1.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.12.1 deur hierdie gevoel van Maska te verduidelik. (1)

1.13 Sê waarom die volgende stelling WAAR is.

In hierdie roman kry ons voorbeelde van hoe belangrik dit is dat die natuur bewaar moet word. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.14) neer.

Uit Saul se reaksie direk ná Oupoot se dood lei ons af dat hy ...

A trots was op sy poging om Oupoot te red.
B jaloers was op Freek Terblans wat vir Oupoot moes skiet.
C wou kompeteer met die delwers om eerste by Oupoot te kom.
D ontevrede was omdat hy gedink het Maska het nie gedoen wat hy moes nie. (1)

1.15 Dink aan Saul en Kate.

1.15.1 Hoe sal jy Saul en Kate se verhouding ná Oupoot se dood beskryf? (1)

1.15.2 Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (Konsentreer op Kate EN Saul.) (2)

1.16 Waarom kan ons glo dat Saul en Jozef saam 'n sukses van hulle toekoms in die Bos sou maak? (1)

1.17 Saul het vir vyf dae na Oupoot gesoek.

Sê hoe Saul se rede vir sy soektog aan die einde verskil van sy rede aan die begin. (2)

1.18 Sou dit die Bosmense se skuld gewees het as Saul besluit het om vir altyd die Bos te verlaat en op die Pictor weg te gaan? Motiveer jou antwoord. (1)

1.19 Sê nou daar was EEN ding waaroor Saul kon spyt/sleg voel of homself blameer.

1.19.1 Waaroor sou Saul spyt/sleg kon voel? (1)

1.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.19.1. (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

Hierdie huis is 'n oerwoud, sê Yann. En hy's koning van die oerwoud.

Terug by Tibo se vraag: Ek sou natuurlik wou hê miljoene mense moet my storie lees.

Maar toe Tibo vanaand aan tafel vir Yann vertel dat ek my lewensverhaal begin skryf het, proes Yann in sy preiesop. Ons eet gereeld sop. Dis goedkoop en gesond, sê Mana, en mens kan dit van enigiets maak. Soms, veral teen die einde van die maand, proe haar sop of dit van dooie akkedisse gemaak is.

"Wie wil nou 'n veertienjarige skrywer se storie lees?" vra Yann en lag dat die sop spat.

"Vyftienjarige," lig ek hom in. "Oor 'n paar dae is ek vyftien."

"Mens sou dit nooit raai nie," sê hy met sy oë iewers onder my ken. Min of meer waar my borste sou gewees het as ek borste gehad het om van te praat. Yann is my sestienjarige stiefbroer. Hy glo dis sleg vir mens se gesondheid om nice te wees.

"Daar wás al tienderjarige skrywers wat beroemd geraak het," stry ek terwyl my wange warm word. "Wat van Anne Frank of ... of ..."

"Anne Frank het 'n lewe gehad waarin iets gebéúr het. En sy moes doodgaan voor sy beroemd geword het."

Goed Anne Frank was 'n vrot voorbeeld. Só graag wil ek nou ook nie beroemd wees nie.

2.1 Wie (die naam) het aan die begin vir Hanna aangemoedig om haar lewensverhaal te skryf? (1)

2.2 Som die redes waarom Hanna vir haar 'n alter ego wou skep, op. (3)

2.3 Bespreek Hanna se innerlike konflik toe Gavin gebel het. Verwys na albei kante van die konflik. (2)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.4) neer.

Dink aan die verhaal wat Hanna aan die einde van die roman wou skryf.

Hanna sou spanning in die huis op die berg skep, deur te beskryf hoe ...

A mooi die omgewing gelyk het.
B hard en aanhoudend dit gereën het.
C Gavin van Beyers se klere moes leen.
D Sharon die kuiertjie geniet het. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.5 In enige roman is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.5.1 tot 2.5.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.5.1 Beyers het die idee van die wittebrood aan tafel bekend gemaak. | A Almal was baie benoud en bang. |
| 2.5.2 Die pad na die vakansiehuis was in 'n swak toestand. | B Almal moes saans in mekaar se geselskap deurbring. |
| 2.5.3 Uiteindelik het die gesin voor die huis op Botterberg stilgehou. | C Almal moes elke oggend gaan stap. |
| 2.5.4 Die ou huis was sonder elektrisiteit. | D Almal het gelyk gegil en geskree. |
| | E Die natuurskoon het almal verras. |

(4 x 1) (4)

2.6 Vertel van DRIE verskillende dinge wat op Hanna se verjaarsdag gebeur het. (3)

2.7 Kan 'n mens vir Hanna as hoofkarakter bewonder? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

2.8 Gee TWEE redes waarom die titel gepas is. (2)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

Eintlik het ek mos al vroeër langs die helikopter die eerste borrels in my maag gevoel. Waar al my beste idees altyd begin.

Ek gaan daardie roman skryf wat ek vir die koningin belowe het. Maar ek gaan nie oor 'n fabelagtige skepsel soos Fabienne skryf nie. Ek het so 'n gevoel ek is vir altyd klaar met Fabienne en haar fantastiese tande. (Ek het ook so 'n gevoel juffrou Liebenberg sal vreeslik verlig wees om dit te hoor.) Ek gaan 'n storie skryf oor 'n gemiddelde vaal meisiekind met 'n onwaarskynlike ma en 'n selfs meer onwaarskynlike pa.

Ek sal sorg dat daar vir Margot Jordan ook 'n rol is om te speel. 'n Fassinerende moederfiguur. Iets tussen 'n bose heks en 'n goeie fee. En vir my beeldskone beste vriendin. En ag, nou ja, ek sal seker nie my irriterende stiefbroer uit die storie kan hou nie, nè?

Hulle sal almal in my boek wees. Hoe het Beyers nou weer vanoggend gesê? *Honde, kinders, grootmense.* Selfs die suster vir wie ek so lank gewag het. Amanzi of Kwakwa of Water of wat haar naam ook al gaan wees.

Terwyl my pa met uitgestrekte arms en rukkende heupe op die kombuistafel dans, sien ek die titel soos in 'n visioen.

2.9 Watter werk het Gavin, Hanna se biologiese pa, gedoen? (1)

2.10 Noem TWEE redes waarom Hanna aan die begin nie van Margot gehou het nie. (2)

2.11 "Selfs die suster vir wie ek so lank gewag het." (Reël 14)

Wat sê hierdie gedagtes van die emosie wat Hanna op daardie oomblik ervaar het? (1)

2.12 "... met 'n onwaarskynlike ma en 'n selfs meer onwaarskynlike pa" (Reël 7 en 8).

2.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde dui daarop dat Hanna se ma (baie anders as/presies net soos) ander kinders se ma's was. (1)

2.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.12.1 deur hierdie optrede van Hanna se ma te verduidelik. Konsentreer net op die geboorte van Ditjie. (1)

2.13 Sê waarom die volgende stelling WAAR is.

In hierdie roman kry ons voorbeelde van 'n aangelapte gesin wat mekaar aanvaar en liefhet. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.14) neer.

Uit Hanna se verwysing na Yann (reël 11 en 12), lei ons af dat sy ...

A trots op haar stiefbroer was.
B jaloers op haar stiefbroer was.
C wou kompeteer met haar stiefbroer.
D tevrede was met haar stiefbroer. (1)

2.15 Dink aan Margot en Yann.

2.15.1 Hoe sal jy die verhouding tussen Margot en Yann aan die einde van die roman beskryf? (1)

2.15.2 Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (Konsentreer op Margot EN Yann.) (2)

2.16 Waarom kan ons glo dat Hanna 'n suksesvolle skryfster sou word? (1)

2.17 Sê hoe Hanna se houding teenoor Gavin aan die einde van die vakansie op die berg verskil van haar houding teenoor hom aan die begin. (2)

2.18 Sou dit Beyers se skuld gewees het as die wittebrood op die berg nie 'n sukses was nie? Motiveer jou antwoord. (1)

2.19 Sê nou daar was EEN ding waaroor Gavin kon spyt/sleg voel of homself blameer.

2.19.1 Waaroor sou Gavin spyt/sleg kon voel? (1)

2.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.19.1. (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

Die burgerband-radio op die een kombuiskas begin meteens raas en die stem oor die lug vul die hele kombuis: "Geelbek! Geelbek! Kom in, Geelbek!"

"Praat van die duiwel," sê Hansie en storm nader. Sy tel die mikrofoontjie van die mikkie af en praat onnodig hard: "Duiker! Dis Geelbek! Hoor jy my?"

Die stem klink kwaai: "Geelbek! MacDonald van die kantoor het my nou net geroep. Hy sê dié Van Rensburg van die Kaap kom vir drie jaar! In my brief staan drie dae. Ek weet wragtag nie hoe hulle iemand vir drie jaar hiernatoe kan stuur nie! MacDonald sê dis die Kaapse kantoor wat dit gereël het. Waar dink hulle gaan ons plek kry? Elsabet sien nie kans vir 'n vreemde vir so lank nie. En die ander blyplek het nie eers beddegoed nie."

Hansie probeer ongemaklik 'n woord inkry: "Duiker ... ek sal linne saamstuur!" Maar Jacob se stem gee haar g'n kans nie en dreun ongeduldig voort: "Wat wil 'n navorser hier kom maak vir drie jaar lank? Die eiers uitbroei? Die voëls voer? Of wat?"

*Wie dink hierdie Stem nou eintlik is hy? Op die aansoekvorms het daar duidelik gestaan dat ek die hoofman met sy ondersoeke op die voëls sal help.*

Hansie raak al hoe meer verleë en probeer red wat te redde is: ...

3.1 Waar (die plek) het Geelbek-hulle (Ant Hansie-hulle) gewoon? (1)

3.2 Som die gebeure op wat daartoe gelei het dat Ryna na Meeuland toe gestuur is. (3)

3.3 Bespreek Ryna se innerlike konflik toe sy gereed gemaak het om aan boord van die patrollieboot, Meeuw, te gaan. Verwys na albei kante van die konflik. (2)

3.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.4) neer.

Dink aan die nag toe Elsabet se baba gebore is.

Spanning is toe geskep deur ...

A die stukkende windlaaier wat nie die batterye kon laai nie.
B Jacob wat ontdek het dat Jannerik vir Janka in sy kamer gehad het.
C die drie noodfakkels wat gesteel is.
D die tweerigtingradio wat baie swak seine gehad het. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.5 In enige roman is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.5.1 tot 3.5.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.5.1 Attie het 'n assistentspos op Meeuland aanvaar. | A Ryna en Jacob het baklei omdat Ryna vir Janka Salamanderbaai toe wou neem. |
| 3.5.2 Ryna het al hoe meer by die gebeure op Meeuland betrokke geraak. | B Jacob het agtergekom dat hy dalk gevoelens vir Ryna kon hê. |
| 3.5.3 Elsabet het vir meer as elf dae van Meeuland af weggegaan. | C Ryna moes sê dat sy nog nie gereed was vir 'n verhouding nie. |
| 3.5.4 Ryna en Attie het hul ete op die jettie geniet. | D Ryna het begin voel of sy nie meer net op Meeuland was om 'n boek te skryf nie. |
| | E Attie het vir Fred gehelp om die verkiesing te wen. |

(4 x 1) (4)

3.6 Vertel van DRIE dinge wat anders was in Ryna se lewe direk nadat sy Stellenbosch toe was vir die bekendstelling van haar boek. (3)

3.7 Kan 'n mens Ryna as hoofkarakter bewonder? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

3.8 Gee TWEE redes waarom die titel gepas is. (2)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

*My dae het in 'n rustige roetine gekom van soggens hospitaal toe stap deur die lang laning. Dan terug vir middagete, 'n bietjie rus en weer na Janka toe. Saans die warm bad en dan vroeg in die hemelbed met sy blou valle. Meeste aande speel Patricia Maggott viool iewers onder in die huis. Ure lank gaan dit aan, die sagte, strelende klanke saam met die Norfolk Pine se geruis op die dak. Janka, Janka ... hoe anders is sy nou as die kind van Meeuland wat oor hoë rotse huppel. Terapiesessies, die gimnasium, stutte aan die dun beentjies, die loopbrug, die krukke. Oor en oor. Fred het vanoggend daar opgedaag en ons het gestaan en kyk na die vasberade treetjies tussen die relings van die loopbrug, elkeen 'n oorwinning wanneer sy die lyfie vorentoe swaai en die fisioterapeut hande klap en haar prys. Hy bly vanaand in die stad oor en het gevra dat ons môremiddag saam gaan eet. Ek het voorgestel dat hy hierheen kom, want ek sien nie kans om uit te gaan nie.*

Hulle sit teenoor mekaar by 'n klein tafeltjie in die stil eetvertrek, terwyl Mrs Maggott 'n keurige herderspastei met groente bedien.

Fred kyk rond na die hoë geelhoutbalke en marmerkaggel. "Dis 'n wonderlike ou plek."

"Dis goed vir my hier," sê sy.

Hy kyk haar vraend aan.

3.9 Wat was die naam van Mrs Maggott se gastehuis in die Kaap waar Ryna aan die einde van die verhaal gaan bly het? (1)

3.10 Noem TWEE redes waarom Ryna besluit het om tydelik terug te gaan Kaap toe. (2)

3.11 *"Janka, Janka ... hoe anders is sy nou as die kind van Meeuland wat oor hoë rotse huppel."* (Reël 5 en 6)

Wat sê hierdie woorde van die emosie wat Ryna op daardie oomblik ervaar het? (1)

3.12 Ryna het vir Fred vertel dat hy Janka se pa is. Sy het hom gevra om 'n belofte aan haar te maak.

3.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie belofte het op Ryna se (ongelukkigheid oor/lojaliteit teenoor) Jacob gedui. (1)

3.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.12.1 deur hierdie gevoel van Ryna te verduidelik. (1)

3.13 Sê waarom die volgende stelling WAAR is.

In hierdie roman kry ons 'n voorbeeld van ware liefde wat alles oorwin. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.14) neer.

Jacob wou nie Fred se hulp met sy hofsaak aanvaar nie. Hieruit lei ons af dat Jacob ...

A ontevrede was omdat Ryna ingemeng het.
B wou kompeteer met Fred Blanckenberg.
C jaloers was op Ryna en Fred se ontmoeting.
D te trots was om iets van Fred te ontvang. (1)

3.15 Dink aan Jacob en Ryna.

3.15.1 Hoe sal jy die verhouding tussen Jacob en Ryna beskryf nadat sy teruggekeer het van haar verblyf in die Kaapse gastehuis? (1)

3.15.2 Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (Konsentreer op Jacob EN Ryna.) (2)

3.16 Waarom kan ons glo dat Jacob ná sy tronkstraf sonder Meeuland sou kon aangaan? (1)

3.17 Sê hoe Ryna se houding teenoor die lewe aan die einde van die verhaal verskil van haar houding toe sy op Meeuland aangekom het. (2)

3.18 Sou dit Jacob se skuld gewees het as Ryna aan die begin besluit het om Meeuland ná drie dae te verlaat? Motiveer jou antwoord. (1)

3.19 Sê nou daar was EEN ding waaroor Ryna kon spyt/sleg voel of haarself blameer.

3.19.1 Waaroor sou Ryna spyt/sleg kon voel? (1)

3.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.19.1. (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

Hulle kom Vrydae vroeër uit en sy en Wouter sit by hulle tafel buite die Wimpy vir 'n vinnige koffietjie voordat sy by Creations moet begin.

Soos sy verwag het, is hy in sy skik met haar rol in die toneelstuk.

"As dit nie met my ekstra Wiskunde-klasse gebots het nie, sou ek julle *gejoin* het," sê hy terwyl hy 'n pakkie suiker in sy koffie gooi.

Hulle praat oor die vakansie wat oor twee weke begin. Wouter en sy suster gaan by hulle pa in Bloemfontein kuier. Lien kan sien Wouter is opgewonde oor die trippie Bloemfontein toe.

"Jy mis jou pa."

Hy glimlag verleërig. "Soort van. Die ding is dat ek en Yvette nie vir hom kan kwaad wees soos my ma nie."

Hy skeur repies van die leë suikerpakkie af en rol dit in bondeltjies wat hy in die asbak gooi.

"Sy verstaan dit nie. Hy't ons mos *gedrop*. Ons is almal veronderstel om hom te haat totdat die Bafana Bafana eendag die Sokkerwêreldbeker wen."

"Hou julle van sy nuwe vrou?"

Wouter kyk weg en skeur nog 'n suikerkoevertjie oop.

"Nogal, al het ons aan die begin hard probeer om nié van haar te hou nie. Sy is baie mal oor my pa en ek dink hy *like* dit baie dat iemand mal is oor hom. Ek dink nie my ma was ooit nie ..."

4.1 Watter karakter (die naam) het Lien in die skool se toneelstuk gespeel? (1)

4.2 Som die gebeure op wat tot Lien se ongelukkige huislike omstandighede gelei het. (3)

4.3 Bespreek Lien se innerlike konflik toe sy die werk by Millennium Creations gekry het. Verwys na albei kante van die konflik. (2)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.4) neer.

Spanning is van die begin af geskep deur ...

A Norah Jones se liedjies wat Lien so dikwels gespeel het.
B Tibbey wat sy bene in die ongeluk verloor het.
C Braam wat stilletjies na video's gekyk het.
D Lien wat vir geld moes bedel. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.5 In enige roman is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.5.1 tot 4.5.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.5.1 | Sue-Ellen het haar ou werk teruggekry. | A | Lien het 'n pruik en bril by juffrou Breytenbach gaan leen. |
| 4.5.2 | Lien het besluit om te begin bedel. | B | Die dominee het van Lien-hulle se probleem gehoor. |
| 4.5.3 | Lien se ma het dronk by die skool opgedaag. | C | Lien het besef dat sy dringend geld moes kry. |
| 4.5.4 | Binnelandse Sake het Lien se ma afgedank. | D | Lien het toe twee dae per week nie skool toe gegaan nie. |
| | | E | Lien het agtergekom dat Wouter ander vriende by die skool het. |

(4 x 1) (4)

4.6 Vertel van DRIE positiewe gebeure in Lien se lewe vandat die dominee haar op straat herken het tot die aand van die konsert. (3)

4.7 Kan 'n mens Lien as hoofkarakter bewonder? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

4.8 Gee TWEE redes waarom die titel gepas is. (2)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

Toe haar selfoon se wekker die volgende oggend afgaan, weet Lien wat sy moet doen. Kort pouse wag sy vir Hein op die stoep toe hulle by die Wiskunde-klas uitkom.

"Hein, ek moet met jou besigheid gesels," val sy sommer met die deur in die huis.

Hein lyk ongemaklik. Hy kyk oor haar skouer na die ander kinders wat by die deur uitbondel. Sy soek na woorde. Dit gaan nie werk om die hele storie hier op die stoep te vertel nie. Sy sal hom iewers moet kry waar hulle rustig kan gesels.

"Sal jy asseblief ná skool saam met my by die Wimpy gaan koffie drink? Ek het 'n probleem en ek dink jy kan my help."

Hein lyk erg verleë en ongemaklik. Hy kyk oor sy skouer.

"Eintlik moet ek ..."

"Net tien minute, *promise*."

Hy stem teësinnig in.

Die hele dag dink sy aan Tibbey met die af bene. En aan Sproet.

Toe sy by die Afrikaans-klas uitloop, roep juffrou Breytenbach haar terug.

"Hoe gaan dit met die nek?"

Lien is vir 'n oomblik uit die veld geslaan. Sy kyk die juffrou onbegrypend aan.

"Jou nek wat jou so uit die skool hou?"

Lien voel sy bloos.

"Beter ... uhm ... nogal beter. Maar dit gaan nog 'n rukkie vat," sê sy vinnig.

Juffrou Breytenbach loer vir haar oor haar John Lennon-brilletjie.

4.9 Wie (die naam) het vir Lien gekalmeer toe sy ná Tibbey se ongeluk by die woonstelgebou aangekom het? (1)

4.10 Noem TWEE redes waarom Lien spesifiek vir Hein gevra het om haar met Tibbey se karretjie te help. (2)

4.11 "Beter ... uhm ... nogal beter. Maar dit gaan nog 'n rukkie vat." (Reël 19)

Wat sê die manier waarop Lien haar onderwyseres antwoord van die emosie wat sy op daardie oomblik ervaar het? (1)

4.12 Die konsert was vir Lien 'n aand om altyd te onthou.

4.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Toe Lien se bedelaarsvriende, Tibbey en Roos, die aand die konsert verlaat, het Lien (baie verlig/nogal hartseer) gevoel. (1)

4.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.12.1 deur hierdie gevoel van Lien te verduidelik. (1)

4.13 Sê waarom die volgende stelling WAAR is.

In hierdie roman kry ons 'n voorbeeld van vergifnis wat 'n mens gesond maak. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.14) neer.

Uit Lien se reaksie toe sy haar ma ná die konsert hoor klavier speel het, kan ons aflei dat sy ...

A gedink het dat haar ma met Mathilda Hanekom wou kompeteer.
B ontevrede was dat haar ma by die konsert opgedaag het.
C trots op haar ma was wat bereid was om oor te begin.
D jaloers op die aandag was wat haar ma gekry het. (1)

4.15 Dink aan Lien en Hein.

4.15.1 Hoe sal jy die verhouding tussen Lien en Hein ná Tibbey se ongeluk beskryf? (1)

4.15.2 Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (Konsentreer op Lien EN Hein.) (2)

4.16 Waarom kan ons glo dat Lien 'n sukses van haar toekoms in drama sou maak? (1)

4.17 Sê hoe Lien se houding teenoor haar pa verskil het vóór en ná die besoek in die tronk. (2)

4.18 Sou dit Lien se skuld gewees het as sy haar matriekjaar sou druip? Motiveer jou antwoord. (1)

4.19 Sê nou daar was EEN ding waaroor Lien se ma kon spyt/sleg voel of haarself blameer.

4.19.1 Waaroor sou Lien se ma spyt/sleg kon voel? (1)

4.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.19.1. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

**VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

STONE. ... en haar ma het vir haar twee Engelse name as doopname gegee, Rachel Regina.
POPPIE. Ghie! Rachel Regina!

*Al die broers lag saam.*

MAMA. Julle hou vir julle baie laf! Die ding was dat ek en my susters se name baie gewoon was – Lena en Mieta en Hessie – en die Engelse name was vir my mooi!
STONE. Die drie broertjies wat voor Poppie gekom het, het ook Engelse doopname gekry – Philip en Stanley en Wilson.
MOSIE. Maar ouma Hannie het haar maar altyd "Poppie" genoem.
OUMA HANNIE. Of Pop – my ou Poppietjie!
STONE. En Wilson – die kind wat skaars kon loop toe Poppie in sy plek op ouma Hannie se rug vasgemaak moes word, het Ouma "Mosie" genoem.
OUMA HANNIE *(nostalgies)*. Ou Moos. My Rooiwielwagentjie.
HOEDJIE. En Philip was maar van altyd af "ou Plank".
PLANK. En Stanley was maar altyd "ou Hoedjie".

*Hoedjie spring op en begin al om Ouma hop.*

HOEDJIE. Ou Hoedjie, ou Hoedjie!
Ek staan op my voetjie,
My naam is ou Hoedjie!
OUMA HANNIE. Tsamaya – jy's weer uit jou vel uit! *(Sy stoot hom eenkant toe.)*
PLANK. Ouma Hannie het Xhosa en Afrikaans gepraat, maar sy het geraas as die kinders nie Xhosa praat nie.
OUMA HANNIE. Ninga malawu – die mense sal sê julle is Boesmans!
POPPIE *(draai haar na ouma Hannie)*. Maar ons het nie Xhosa gekon praat nie – tot nou toe as ek en my broers bymekaar is, praat ons Afrikaans – dis vir ons die lekkerste, ja.

5.1 Wat beteken Poppie se Xhosa-naam, Ntombizodumo? (1)

5.2 Som die gebeure op wat daartoe gelei het dat Poppie nie meer kon skoolgaan nie. (3)

5.3 Bespreek Poppie se innerlike konflik toe sy as jong vrou in 1956 Lambertsbaai moes verlaat. Verwys na albei kante van die konflik. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.4) neer.

Spanning is regdeur die drama geskep deur ...

A Oompie Pengi wat gereeld dronk huis toe gekom het.
B Poppie se eie pa wat weg was ná die oorlog.
C Ouma Hannie wat wou hê haar kleinkinders moes Xhosa praat.
D Poppie se probleme om elke keer uitstel vir haar pas te kry. (1)

5.5 In enige drama is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.5.1 tot 5.5.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.5.1 Poppie het vir Stone ontmoet. | A Huise is deur die polisie aan die brand gesteek. |
| 5.5.2 Op Lambertsbaai het Xhosa-mense die opdrag gekry om die dorp te verlaat. | B Jakkals en sy maats het die gebeure tydens die staking (*strike*) snaaks gevind. |
| 5.5.3 Blyplek in Elsiesrivier was 'n probleem. | C Poppie was nie meer so negatief oor die gedagte om te trou nie. |
| 5.5.4 Die polisie het die volwassenes in Nyanga wat nie gaan werk het nie, sonder respek behandel. | D Stone het siek geword as gevolg van sy werk by die melkery. |
| | E Poppie moes vir 'n werk soek waar sy gedurende die week kon inslaap. |

(4 x 1) (4)

5.6 Vertel van DRIE krisisse in Poppie se lewe nadat sy Lambertsbaai verlaat het tot voordat sy Ciskei toe moes gaan. (3)

5.7 Kan 'n mens vir Stone in hierdie drama bewonder? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

5.8 Gee TWEE redes waarom die titel gepas is. (2)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

MAMA *(praat oor "telefoon"; klink asof sy haar eie woorde nie glo nie)*. Dit lyk baie sleg by die lokasie, Poppie. Maar ons is almal in die lewe. Poppie, ons het getel daar staan tien nylons uitgebrand voor die poskantoor. En die skollies het die KTC-basaar in Guguletu uitgerob. Hulle sê daar kom nie meer melk en brood in die lokasies nie, nou sal ek maar vanmiddag kos saamneem.
POPPIE. En die kinders, Mama?
MAMA. Ek laat nie myne op straat nie. Al wat kind is, was dronk gister. Hulle het die biersale afgebrand, dit was gebreekte bottels en kannetjies wyn en brandewyn wat sommerso op die strate uitloop. En toe kom die poeliesse en die skietery. Maar eers het al wat kind is, geloop met die bottel brandewyn of die bottel gin voor die mond asof dit cool drink is.
POPPIE. Maar die kinders wat geskiet is, Mama?
MAMA. Ons kan nie tel nie. Mosie het gehelp met die pellets uithaal uit die kinders se arms waar hulle geskiet is. Party mense sê vyf is dood, party mense sê tien. Hoe kan ons tel? Maar ek self ken nie die kinders wat dood is se mense nie.

*Albei plaas gehoorbuise op mik*.

MOSIE. Woensdag was dit die riots, en Donderdag en Vrydag was dit stiller, en Saterdag het Poppie haar off gevat en huis toe gegaan.

5.9 Waar (die plek) was hierdie opstande voordat dit in Nyanga in die Kaap begin het? (1)

5.10 Noem TWEE redes waarom Poppie se meisiekinders en Bonsile nie by haar in die Kaap was nie. (2)

5.11 "En die kinders, Mama?" (Reël 6)
"Maar die kinders wat geskiet is, Mama?" (Reël 12)

Wat sê die manier waarop Poppie hier praat van die emosie wat sy op daardie oomblikke ervaar het? (1)

5.12 Poppie en Mama het altyd hul kinders probeer beskerm.

5.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Met die woorde "Hoe kan ons tel?" (reël 14 en 15) het Mama aangedui dat sy (moedeloos/kwaad) was. (1)

5.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.12.1 deur hierdie houding van Mama te verduidelik. (1)

5.13 Sê waarom die volgende stelling WAAR is.

In hierdie drama kry ons 'n voorbeeld waar 'n mens nie die finale sê het oor hoe jou lewe sal verloop nie. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.14) neer.

Poppie het besluit om haar kleinkind, Vukile, saam met haar terug te neem Kaap toe. Uit hierdie optrede van Poppie kan ons aflei dat sy ...

A wou kompeteer met Vukile se ma deur te wys sy was 'n beter ma.
B trots was op die feit dat Bonsile die vader van die kind was.
C ontevrede was met die versorging wat Vukile gekry het.
D jaloers was op die ma van Bonsile se kind. (1)

5.15 Dink aan Poppie en Jakkie.

5.15.1 Hoe sal jy die verhouding tussen Poppie en Jakkie aan die einde van die drama beskryf? (1)

5.15.2 Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (Konsentreer op Poppie EN Jakkie.) (2)

5.16 Waarom kan ons glo dat Poppie se meisiekinders eendag net so sterk soos hulle ma sou wees? (1)

5.17 Sê hoe Poppie se houding teenoor haar omstandighede aan die einde van die drama verskil van haar houding aan die begin. (2)

5.18 Sou dit Jakkie se skuld gewees het as hy aan die einde in die tronk sou beland? Motiveer jou antwoord. (1)

5.19 Sê nou daar was EEN ding waaroor Poppie kon spyt/sleg voel of haarself blameer.

5.19.1 Waaroor sou Poppie kon spyt/sleg voel? (1)

5.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.19.1. (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

Kom. Kom ons teken iets. *(Hy soek in sy broeksak en haal 'n ander kleur uit. Hy verf Willem se mond.)* Kom ons teken die trane weg. Ons vee die ou Willem uit en ons teken 'n nuwe Willem.

Hierdie hele toneel is deel van die volgende montage.

69. Montage van die tekenproses. Afgewissel met Hendrik-hulle se soektog na die kind. Willem, al hoe meer ingenome, verander van 'n bedrukte knaap na 'n nar wat vir sy eie gesig in 'n ou stuk spieël staan en lag. Terwyl Katrien langs die pad loop en roep; Emma in die veld soek; Hendrik op verskillende plekke met die motor stilhou en uitklim en roep – en uiteindelik weer onder die enjinkap lê met net sy voete wat uitsteek.

Dis sononder.

70. Willem en die nar sit in die skuur langs mekaar. Dis donker buite. Naby die muur hang 'n lantern. In die middel van die vloer brand 'n klein vuurtjie tussen klippe. 'n Mens sien die twee figure net vaagweg.

NAR: Asseblief. *(Die kind skud sy kop.)* Ek vra jou mooi. *(Die kind skud sy kop; die nar gaan geduldig voort.)* Willem, luister mooi. Ǿf jy gaan nou huis toe, óf ek pak vanaand my goed en ek vat die pad. En jy sien my nie weer nie. *(Die kind sit net vir hom en kyk.)*

6.1 Wie (die naam) het eerste agtergekom dat Willem weg was? (1)

6.2 Som die gebeure op wat daartoe gelei het dat Manuel in die skuur beland het. (3)

6.3 Bespreek Willem se innerlike konflik toe Manuel hom gevra het om huis toe te gaan. Verwys na albei kante van die konflik. (2)

6.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.4) neer.

Spanning is in hierdie deel van die drama geskep deur ...

A Manuel wat Willem se gesig geverf het.
B Willem wat begin lag het.
C die lantern wat buite gebrand het.
D Willem wat geweier het om huis toe te gaan. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.5 In enige drama is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.5.1 tot 6.5.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.5.1 | Die sirkustrein se waens is op Hendrik se stasie afgehaak. | A | Katrien het verstaan waarom hulle op daardie klein stasietjie was. |
| 6.5.2 | Hendrik en sy vrou het die kans gekry om te praat oor dinge wat hulle pla. | B | Manuel het besluit om kerk toe te gaan. |
| 6.5.3 | Die polisie en dorpenaars het opgedaag om na Willem te kom soek. | C | Manuel het besluit om terug te gaan sirkus toe. |
| 6.5.4 | Die dominee het die McDonalds besoek. | D | Die leser het vir Hendrik leer ken as iemand wat nie vreemde dinge kan verdra nie. |
| | | E | Allerlei stories is op die dorp oor die McDonalds versprei. |

(4 x 1) (4)

6.6 Vertel van DRIE dinge wat anders was in Willem se lewe nadat hy Manuel ontmoet het. (3)

6.7 Kan 'n mens Nollie as karakter in hierdie drama bewonder? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

6.8 Gee TWEE redes waarom die titel gepas is. (2)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

128. Die gesin om die etenstafel. Manuel is nie by nie. Willem aanvanklik ook nie. Hulle eet.

HENDRIK: Wie dink hulle is hulle? *(Hy is baie opgeskroef.)* Wie de moer dink hulle is hulle?
KATRIEN: Hendrik.
HENDRIK: Nee, ek vra. Ons pla niemand. Ons sukkel aan op ons eie manier. Ek laat verdomp niemand my rondneuk met 'n spul mausers nie.
KATRIEN: Dis hoekom ek sê: gaan polisie toe.
HENDRIK: Nee, Katrina. Die polisie is saam met hulle. Ek het gesien daardie dag toe die polisie hier was. Hulle verstaan g'n niks van ons af nie.
EMMA: Pa, ons is nie so ingewikkeld nie.
HENDRIK: Presies! Ons is maar net mense. Wat ons ding op ons eie manier doen. Maar daar's 'n groot wêreld daar buitekant, my kind, wat sê: Julle doen dit soos ons almal dit doen, of ons maak ons mausers leeg op julle.

Willem het binnegekom en hy staan langs sy ma.

KATRIEN: Sê hy al iets?
WILLEM: Hy slaap.
HENDRIK: Ek is Hendrik McDonald. En ek mág ek wees. En jy mag Emma wees. En Ma en Willem en almal. Nollie Kemp is Nollie Kemp en klaar. Ons is ons met al ons skete en al. *(Hy kyk skielik vir Willem.)* Of wat sê jy, Willem?
WILLEM: Manuel het niemand iets gedoen nie.
HENDRIK: Presies!

129. Manuel lê vir die dak en kyk. Willem staan langs die bed. Hy is besig om Manuel uit te lok soos Manuel hom aanvanklik uitgelok het.

6.9 Waarom is Manuel nie saam met die gesin nie? (1)

6.10 Noem TWEE redes waarom Willem nooit vir sy huismense van Manuel vertel het nie. (2)

6.11 "Wie dink hulle is hulle?" (Reël 3)

Wat sê Hendrik se woorde van die emosie wat hy op daardie oomblik ervaar het? (1)

6.12 "Julle doen dit soos ons almal dit doen, of ons maak ons mausers leeg op julle." (Reël 13 en 14)

6.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Net soos aan die begin van die drama, kry ons hier die gevoel dat Hendrik soos 'n (leeu in 'n hok/olifant sonder 'n tou) gevoel het. (1)

6.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.12.1 deur te verduidelik waarom Hendrik só gevoel het. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.13 Sê waarom die volgende stelling WAAR is.

In hierdie drama kry ons 'n voorbeeld van die gevolge van swak kommunikasie. (1)

6.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.14) neer.

Uit die dorpsmense se optrede teenoor Hendrik-hulle by die Volstruisdans, lei ons af dat ...

A die vrouens jaloers was op Katrien.
B die mans te trots was om verskoning te vra.
C Hendrik met die dorpsmense wou kompeteer.
D hulle ontevrede was omdat die McDonalds daar was. (1)

6.15 Dink aan Hendrik en Katrien.

6.15.1 Hoe sal jy die verhouding tussen Hendrik en Katrien aan die einde van die drama beskryf? (1)

6.15.2 Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (Konsentreer op Hendrik EN Katrien.) (2)

6.16 Dink aan alles wat in die drama gebeur het.

Waarom kan ons glo dat Nollie en Emma se verhouding sou slaag? (1)

6.17 Sê hoe die dorpsmense se houding teenoor die McDonalds aan die einde van die drama verskil van hul houding aan die begin. (2)

6.18 Sou dit Hendrik se skuld gewees het as Katrien besluit het om van hom te skei? Motiveer jou antwoord. (1)

6.19 Sê nou daar was EEN ding waaroor Emma kon spyt/sleg voel of haarself blameer.

6.19.1 Waaroor sou Emma kon spyt/sleg voel? (1)

6.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.19.1. (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

BENJAMIN: My naam was maar altyd Benjamin Komoetie.

MAGISTRAAT: Goed. Kan jy enigiets onthou voordat jy by die mense in die Lange Kloof beland het? Enigiets.

BENJAMIN: Nee, weledele heer.

MAGISTRAAT: Ek wil hê jy moet nou vir my so ver as moontlik terugdink en dan moet jy vir my alles sê wat jy dink.

BENJAMIN: Ek kan nie so lekker dink as ek bang is nie, baas.

MAGISTRAAT *(se wange in en uit)*: Jy hoef vir niks bang te wees nie, seun, ek wou maar net seker maak of jy enigiets kan onthou. Dit maak nie saak as jy niks onthou nie. Kom staan nou vir my nog 'n klein entjie vorentoe en dan bly staan jy net so doodstil. *(*MAGISTRAAT *wink vir* KONSTABEL. *Gee hom 'n opdrag.* KONSTABEL *uit.* KONSTABEL *terug met vier seunskinders. Hulle stamp aan mekaar en lag en kom weerskante van* BENJAMIN *staan. Stemme op die agtergrond.)* Stilte, asseblief! *(*MAGISTRAAT *beduie aan die* KONSTABEL *en* KONSTABEL *by die deur uit. Kom terug met* BARTA *by hom. 'n Rukkie later kom* ELIAS *verskrik op.)* Kom nader, mevrou Van Rooyen, kom tot by hulle en moenie haastig wees nie. Kyk net so lank as wat u wil. *(*BARTA *nader. Wys met haar vinger na* BENJAMIN. *Draai haar om en begin huil. Opgewonde stemme van mense wat inloer:* MAGISTRAAT *roep* KONSTABEL. *Gee hom opdrag.* KONSTABEL *laat mense van die verhoog gaan.)* Seun ... begryp jy wat so pas hier gebeur het?

7.1 Wie was hierdie magistraat voor wie Benjamin moes verskyn? (1)

7.2 Som Fiela se verduideliking aan Lange en Dikke oor hoekom sy Benjamin gehou het, op. (3)

7.3 Bespreek Barta se innerlike konflik toe sy vir Lukas tussen die ander seuntjies moes uitken. Verwys na albei kante van die konflik. (2)

7.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.4) neer.

Spanning is in die drama geskep deur ...

A vinnig deur die storielyn van die verlore kind te beweeg.
B vir Fiela voor te stel as 'n pleitende ma wat haar kind liefhet.
C die Bos voor te stel as 'n wêreld waar Nina kan fantaseer.
D tussen die twee ruimtes, die Bos en Lange Kloof, te spring. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.5 In enige drama is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.5.1 tot 7.5.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.5.1 | Die sensusmanne het 'n tweede keer by Wolwekraal opgedaag. | A | Benjamin is vir sewe jaar uit 'n liefdevolle huis weggeruk. |
| 7.5.2 | Barta het vir Benjamin as haar seun, Lukas, uitgeken. | B | Benjamin het hom na jare losgemaak van die Boslewe. |
| 7.5.3 | Die magistraat het al Fiela se pogings om met Benjamin kontak te maak, verwerp. | C | Fiela het grond op Benjamin se naam gesit. |
| 7.5.4 | Benjamin is Knysna toe gestuur om vir Nina te gaan soek. | D | Fiela het geen keuse gehad as om vir Benjamin Knysna toe te laat gaan nie. |
| | | E | Benjamin het begin glo dat die Komoeties hom vergeet het. |

(4 x 1) (4)

7.6 Vertel van DRIE negatiewe dinge in Benjamin se lewe by die Van Rooyens. (3)

7.7 Kan 'n mens Benjamin/Lukas as hoofkarakter bewonder? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

7.8 Gee TWEE redes waarom die titel gepas is. (2)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

ELIAS: ... As jy nou weer huis toe kom, is al drie my seuns in die span en kan ons kosyne ook lewer. Dan koop ons 'n swaar geweer en julle leer almal skiet en dan sal ons 'n ding sien.
BARTA *(fluister)*: Elias ... *(Roep.)* Elias ...
LUKAS: Pa, Ma praat.
ELIAS: Wat is dit, Barta? Ek sê vir julle, 'n wamakery sal in hierdie bos 'n betalende ding wees. Ek het die ding lank oordink, ek lê nie verniet snags wakker in my ellende nie.
LUKAS *(benoud)*: Pa.
ELIAS: Ek is 'n man wat 'n plan kan sien lank voor 'n ander man hom nog in die kop gekry het.
LUKAS: Pa, daar's iets verkeerd met Ma!
ELIAS *(ergerlik)*: Wat's dit, Barta? Voel jy siek? Is dit weer die benoudigheid? Kristoffel, gee daar vir jou ma van die treksel op die rak lat sy drink. Lukas, jy kan gerus by die dokter op die dorp vir haar loop medisyne kry, sy bly die laaste tyd bekwaald. Jy weet, jou ouma het in 'n oog se knip van die hart ingegee. Voel jy sleg, Barta? *(Haar kop sak laer.* KRISTOFFEL *hou beker uit na haar, maar sy wil nie drink nie.)* Wat is dit, Barta?
BARTA *(die woorde skeur uit haar)*: Ek het die verkeerde kind gevat, Elias. Ek het iemand anders se kind gevat.
ELIAS *(bang)*: Waarvan praat jy, Barta?
KRISTOFFEL: Is Ma benoud?
BARTA: Dit was nie Lukas nie.
ELIAS: Vrou, wat praat jy?

7.9 Elias praat in hierdie uittreksel net met sy drie seuns. Waar/By wie was Nina op daardie stadium in die drama? (1)

7.10 Noem TWEE redes waarom Lukas besluit het om vir 'n tweede keer na die Van Rooyens toe terug te gaan . (2)

7.11 "BARTA *(fluister)*: Elias ... *(Roep.)* Elias ..." (Reël 4)

Wat sê die manier waarop Barta hier praat van die emosie wat sy op daardie oomblikke ervaar het? (1)

7.12 Elias het nie in reël 6, 13 en 21 gereageer soos wat 'n mens van 'n man sou verwag nie.

7.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Elias se reaksie op Barta se toestand het aangedui dat hy (nie verstaan het nie/kwaad was omdat Lukas so lank weg was). (1)

7.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.12.1 deur hierdie reaksie van Elias te verduidelik. (1)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.13 Sê waarom die volgende stelling ONWAAR is.

In hierdie drama kry ons 'n voorbeeld van die mens wat nooit loskom uit onderdrukking nie. (1)

7.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.14) neer.

Uit Benjamin/Lukas se reaksie nadat Barta erken het dat sy 'n leuen vertel het, kan ons aflei dat hy ...

A jaloers was op die ander Van Rooyen-kinders.
B trots was om vir 'n rukkie 'n Van Rooyen te kon wees.
C wou kompeteer met die ander seuns vir Elias se aandag.
D ontevrede was met die sensusmanne van destyds se optrede. (1)

7.15 Dink aan Lukas/Benjamin en die Komoeties.

7.15.1 Hoe sal jy die verhouding tussen Lukas/Benjamin en die Komoeties aan die einde van die drama beskryf? (1)

7.15.2 Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (Konsentreer op Lukas/Benjamin EN die Komoeties.) (2)

7.16 Waarom kan ons glo dat Benjamin/Lukas 'n sukses van sy toekoms sou maak? (1)

7.17 Sê hoe die verhouding tussen Benjamin/Lukas en Nina aan die einde van die drama verskil van hul verhouding aan die begin. (2)

7.18 Sou dit Elias se skuld gewees het as hy alleen sonder sy kinders se ondersteuning moes oud word? Motiveer jou antwoord. (1)

7.19 Sê nou daar was EEN ding waaroor Benjamin/Lukas kon spyt/sleg voel of homself blameer.

7.19.1 Waaroor sou Benjamin/Lukas kon spyt/sleg voel? (1)

7.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.19.1. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale uit die bundel wat jy bestudeer het.

**VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE***

8.1 **'VAN PRECIOUS: 'N BUISIE SALF' – Maretha Maartens**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

> Deur die venster het Coenie 'n lae muurtjie gesien, 'n diep kloof en die rotsagtige hang van die oorkantste berg. Vassilis se elmboog het hom teen die nek getref en daar was die geklap van klippe teen die onderstel en die skeurgeluid van remme wat inderhaas aangeslaan word.
>
> Die grys mikrobus het hulle s'n skrams getref. Hulle het 'n paar oomblikke lank deur die lug gevlieg. Gedurende die kort vlug het Coenie net een ding onthou: die keer toe hy en Mari saam met Ma en oom Willem lughawe toe was om te kyk hoe die vliegtuie land en opstyg. En die dinge wat oom Willem op die uitkyktoring kwytgeraak het: "Dis stokou vliegtuie, Pat ... dis doodskiste met nuwe enjins ..."
>
> Toe rol die bussie. Dit tuimel oor rotse; dit sleep takke en losgerukte struike saam. Arms en bene en lywe tol in die rondte soos wasgoed in 'n wasmasjien. Dit sou beter gewees het om in 'n industriële wasmasjien te kon rondtol, het Coenie deurmekaar gedink. Miskien sou iemand lewend daar kon uitkom.
>
> Toe word dit stil. Niemand gil meer nie. Selfs die enjin het gestol.
> Een vir een kruip hulle deur 'n opening, 'n skeur, 'n venster waarvan die ruit uitgeruk is. Solomon se regterarm sleep; hy kreun soos 'n gewonde dier.

8.1.1 Wie (die naam) het vir Coenie gekies om aan die debatskompetisie deel te neem? (1)

8.1.2 Som die advies/raad wat Coenie oor die debatskompetisie by sy ma en oom Willem gekry het, op. (3)

8.1.3 Bespreek Coenie se innerlike konflik oor sy voorkoms toe hy voor die spieël gestaan het. Verwys na albei kante van die konflik. (2)

8.1.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.4) neer.

Spanning is in die kortverhaal geskep deur ...

A Coenie en Mari se negatiewe houding teenoor hulle stiefpa.
B die polities-sensitiewe onderwerp van die debatskompetisie.
C die bestuurder van die bussie wat nie 'n onderwyser was nie.
D die waarskuwings oor slegte weer op pad na die kompetisie. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.1.5 In enige kortverhaal is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.1.5(a) tot 8.1.5(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Daar was 'n geweldige rukwind. | A Coenie was bekommerd oor Precious se toestand. |
| (b) Dit het gelyk asof Precious baie seergekry het. | B Precious het belowe om die volgende Maandag vir Coenie salf skool toe te bring. |
| (c) Precious het vertel van haar verkragting. | C Coenie se probleem was nie meer 'n faktor nie. |
| (d) Coenie het daarin geslaag om vir Precious te laat glo dat die lewe die moeite werd was. | D Die bestuurder van 'n voertuig het beheer verloor. |
| | E Precious kon vir Coenie laat verstaan dat hy nie 'n ondier was nie. |

(4 x 1) (4)

8.1.6 Vertel van DRIE dinge wat Coenie van die lewe besef het ná sy gesprek met Precious. (3)

8.1.7 Kan 'n mens Precious as karakter in hierdie kortverhaal bewonder? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

8.1.8 Gee TWEE redes waarom die titel gepas is. Verwys in jou antwoord na die LETTERLIKE en FIGUURLIKE betekenis van die titel. (2)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.2 **'VEGVLIEËNIER VIVIAN' – Francois Geringer**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

Op seweduisend meter bo grondvlak kom hulle in gelykvlug en dan beveel kaptein Swart se stem in hulle oorfone: "Suurstofmaskers aan en luister noukeurig na die volgende instruksies! Ons gaan vier Migs onderskep wat tans een van ons mees suidelike artillerie-basisse aanval. Ons gaan poog om hulle uit die son aan te val van sowat eenduisend meter hoër as hulle vlug op daardie stadium." Dan kras sy stem geïrriteerd: "Luitenant Maile!"

"Ja, Kaptein, ek verstaan u instruksies," sê sy terwyl sy voel hoe die adrenalien in haar bloedstroom losgelaat word. "Hier is die oomblik van waarheid nou!" maal dit onwillekeurig deur haar gedagtes. "Die toets dat ek as vrou dieselfde werk sal kan doen as enige man en dat ek as gelyke aanvaar sal word!"

Vir 'n oomblik kan sy voel hoe haar maagspiere onwillekeurig saamtrek, maar dan beveel haar leier se stem haar bars: "Luitenant Maile, jy sal op 'n hoogte van tweeduisend meter bokant die gevegsone sirkel en slegs bystand verleen deur ons in kennis te stel van die vyandelike vliegtuie se posisies ten opsigte van elkeen van ons. Ek verlang deurlopende kommentaar. Bevestig dat jy verstaan!"

"Maar Kaptein!" ...

8.2.1 Waar (die geleentheid) het Vivian se droom om 'n vegvlieënier te word, begin? (1)

8.2.2 Noem TWEE redes waarom Vivian die dag toe hulle die Migs moes gaan onderskep, nie so opgewonde gevoel het toe hulle opstyg nie. (2)

8.2.3 "Maar Kaptein!" (Reël 18)

Wat sê hierdie uitroep van die emosie wat Vivian op daardie oomblik ervaar het? (1)

8.2.4 In die gevegsone was Vivian baie bewus van elke kollega se beweging en posisie.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie gedrag van Vivian teenoor haar kollegas het aangedui dat sy (vir hulle omgegee het/op hulle gespioeneer het). (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.2.4(a) deur te sê waarom Vivian só opgetree het. (1)

8.2.5 Sê waarom die volgende stelling ONWAAR is.

In hierdie kortverhaal kry ons voorbeelde van diskriminasie van begin tot einde. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.2.6) neer.

Uit Vivian se optrede tydens die aanval op die eerste en derde Mig, kan ons aflei dat sy ...

A jaloers was op haar leier se posisie.
B trots was op haar optrede in die gevegsone.
C tevrede was met haar leier se bevele aan haar.
D wou kompeteer met haar kollegas se vaardighede. (1)

8.2.7 Dink aan Vivian en Sydney.

(a) Hoe sal jy die verhouding tussen Vivian en Sydney aan die einde van die kortverhaal beskryf? (1)

(b) Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (Konsentreer op Vivian EN Sydney.) (2)

8.2.8 Waarom kan ons glo dat Vivian 'n sukses van haar toekoms sou maak? (1)

8.2.9 Kaptein Swart se houding teenoor Vivian het verander ná die geveg met die Migs.

Sê hoe sy houding aan die einde verskil van sy houding aan die begin. (2)

8.2.10 Sou dit Vivian se vriend, John, se skuld gewees het as sy sou besluit het om nooit vliegskool toe te gaan nie? Motiveer jou antwoord. (1)

8.2.11 Sê nou daar was EEN ding waaroor sommige lede van die raad wat Vivian-hulle finaal moes keur, kon spyt/sleg voel of hulself blameer.

(a) Waaroor sou hierdie lede kon spyt/sleg voel? (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.2.11(a). (1)

**TOTAAL AFDELING C: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 **'EK HET 'N HUISIE BY DIE SEE' – HA Fagan**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**EK HET 'N HUISIE BY DIE SEE – HA Fagan**

1 Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
2 Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
3 teenaan die rots waarop my huisie staan
4 met al die oseaan se woeste krag.

5 Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
6 soos van verlore siele in hul nood
7 al dwalend, klagend, wat in graf en dood
8 geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag

9 My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
10 ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,
11 ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
12 hierbinne is dit veilig, warm en dig.

13 Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
14 dit is 'n rots waarop my huisie staan.

9.1.1 Watter tyd van die dag is dit in die gedig? (1)

9.1.2 Lees strofe 1, 2 en 3.

Skryf die hoofgedagte in elke strofe neer. (3)

9.1.3 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE woord uit die lys hieronder te kies.

| huisie; aaneen; slaan; hoor; kom |
|---|

Die herhaling van ... dui aan dat die golwe sonder ophou teen die rotse slaan. (1)

9.1.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1.4) neer.

Daar is 'n ek-spreker in die gedig omdat dit die gedig ... maak.

A modern
B geloofwaardig
C liries
D universeel (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.1.5 Lees reël 13 en 14.

Wat kan ons van die spreker uit hierdie uitnodiging aflei? (1)

9.1.6 'n Digter maak gewoonlik van verskillende tegnieke gebruik.

Kies die tegniek in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (9.1.6(a) tot 9.1.6(d)) neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| (a) "teenaan die rots waarop my huisie staan" | A alliterasie |
| (b) "Ek hoor die winde huil" | B vergelyking |
| (c) "Ek hoor ... 'n kreun, 'n klag soos verlore siele" | C kontras |
| (d) "... maar nog soek en smag" | D assonansie |
| | E personifikasie |

(4 x 1) (4)

9.1.7 Noem die TWEE ruimtes wat ons in hierdie gedig kry EN sê waarom die spreker positief oor EEN van hierdie ruimtes voel. (3)

9.1.8 Het die spreker in hierdie gedig 'n liefde vir die natuur? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

9.1.9 Gee TWEE redes waarom die verkleinwoord "huisie" in die titel gepas is. (2)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

9.2 **'RONDOM MY' – Dawie de Jager**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**RONDOM MY – Dawie de Jager**

Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer
want die haastigheid in my
het my al veels te veel keer
ondergekry
my ondergekry.

Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer.
Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.
Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla
dinge wat jou terughou.
Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.
Kom wees net jy, kom wees net jy.

As jy wil tyd vat hierdie keer
kom vat 'n rukkie hier by my
As jy tyd wil vat
kom wees hier rondom my
kom wees hier rondom my
net as jy wil ...
net as jy wil.

9.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Volgens reël 1 en 7 konsentreer die spreker op wat hy/sy in die (verlede gedoen het/toekoms wil doen). (1)

9.2.2 Gee DRIE redes waarom ons hierdie gedig as 'n lied kan beskryf. (3)

9.2.3 Lees reël 3 tot 6.

Hoe voel die spreker in hierdie reëls? (1)

9.2.4 "**Ek sien die blou in jou** deur die bietjie in jou oë." (Reël 9)

(a) Benoem die beeldspraak in die vetgedrukte woorde. (1)

(b) Verduidelik wat die spreker met hierdie beeldspraak bedoel. (1)

(c) Wat bedoel die spreker met die woorde "die **bietjie** in jou oë"? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

9.2.5 Sê waarom hierdie stelling WAAR is.

In hierdie gedig sê die spreker dat 'n mens niemand in 'n verhouding moet indwing of forseer nie. (1)

9.2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.2.6) neer.

Ons kan aflei dat die spreker nou … is om nie die geliefde seer te maak nie.

A versigtig
B haastig
C ongeduldig
D opgewonde (1)

9.2.7 Wat bedoel die spreker met die volgende vetgedrukte woorde?

(a) "want die haastigheid in my/het my al veels te veel keer/**ondergekry**" (Reël 3 tot 5) (1)

(b) "dinge wat jou **terughou**" (Reël 11) (1)

9.2.8 Sou dit die geliefde se skuld gewees het as die verhouding hierdie keer sou misluk? Motiveer jou antwoord. (1)

9.2.9 Gee TWEE redes hoekom jy dink die lesse uit hierdie gedig is geskik vir tieners. (2)

9.2.10 Sê nou daar was EEN ding waaroor die spreker kon spyt/sleg voel of homself/haarself blameer.

(a) Waaroor sou die spreker kon spyt/sleg voel? (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.2.10(a). (1)

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2021**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 38 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| | | |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 8 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 11 |
| | | |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 14 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 19 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 23 |
| | | |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 27 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Van Precious: 'n Buisie salf" | 18 | 33 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Vegvlieënier Vivian" | 17 | 35 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Ek het 'n huisie by die see" | 18 | 37 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Rondom my" | 17 | 38 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**NASIENRIGLYNE**

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie/woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien vergelyking, innerlike konflik of kontras gevra word, verdien die kandidaat 1 punt indien slegs een kant gestel word en 2 punte indien albei kante gestel word. Indien die kandidaat se antwoord die verskil na beide kante omskryf, m.a.w. die een antwoord sluit beide kante in, word twee punte toegeken.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie. Indien 'n feitefout die argument beïnvloed/omvergooi, word daar nie verder gelees nie. Indien die feitefout onbenullig is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim, onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met koeëlpunte gegee word. Sien eerste twee feite na ongeag horisontaal of vertikaal.

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING A: ROMAN

**VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | Diepwalle | 1 |
| 1.2.1 | Die grootmense het vertel die bloubokkie se gal sit in sy kop.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.2.2 | • Hy het die bokkie se kop oopgekap.<br>• Hy wou sien HOE die gal in die bokkie se kop sit en kap toe die kop oop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.2.3 | Saul het besef die grootmense lieg vir hom of hulle glo self die leuen./ Saul het grootmense nie meer 100% vertrou nie./Hy het grootmense begin bevraagteken.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3 | Hy wou terugbeweeg in die Bos/in die skemerte bly, maar hy was nuuskierig oor die mense/hulle klere/die dinge buite die Bos.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Albei kante van die konflik moet genoem word. Indien die kandidaat net EEN kant noem, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)* | 2 |
| 1.4 | D die Barnards vir sewe dae gekap het voordat die kalander geval het. | 1 |
| 1.5.1 | D Joram het vir Saul weggejaag. | 1 |
| 1.5.2 | A Jozef het vir Saul verdink dat hy namens Harison op die Bosmense spioeneer. | 1 |
| 1.5.3 | E Saul het die geleentheid gekry om uit MacDonald se skewe sirkel te ontsnap. | 1 |
| 1.5.4 | B Saul is in die sosiale kringe op Knysna aanvaar. | 1 |
| 1.6 | • Die eerste geleentheid was op die eerste Kersdag toe Saul sy familie besoek en hulle hom sleg behandel het.<br>• Vroegaand ná sy pa se begrafnis.<br>• Oupoot se spore by sy nuwe blyplek ná die vergadering op George.<br>• Toe Saul siek was, was Oupoot se spore om sy skuiling.<br>• Toe Saul en Kate saam in die Bos was vir twee dae.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 1.7 | Ja.<br>• Saul het die moed gehad om sy familie/Bosmense se gebruike/gelowe te opponeer of te bevraagteken.<br>• Saul het as eenvoudige Boskind uitgestyg bo sy omstandighede.<br>• Saul was nie bang om sy man teen MacDonald te staan nie.<br>• Saul kon sy broer, Jozef, vergewe al het Jozef hom sleg behandel.<br>• Saul is vasberade/hardwerkend/eerlik/beskermend/familiemens vergewensgesind/’n planmaker/natuurliefhebber.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat mag omskryf/ 'n voorbeeld gee of karaktereienskap wat jy kan bewonder, noem. Indien die kandidaat nie met die stelling saamstem nie, kan die antwoord slegs oorweeg word indien daar 'n geldige motivering is wat op die teks gebaseer is.)* | 2 |
| | | |
| 1.8 | Die titel verwys na ...<br>• die kringe/sirkels waar Saul vir Oupoot moes agtervolg.<br>• die sirkelgang van Saul wat telkens in en uit die Bos beweeg.<br>• Saul se lewe wat die sirkel of kring voltooi het/begin as kind in die Bos en eindig as volwassene in die Bos.<br>• die wrede kringloop van die vernietiging van die natuur (bos/olifante).<br>• die skewe kringloop van die houtkopers.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.9 | Stopforth/bestuurder van Bendigo-goudmyn/een van die delwers. | 1 |
| | | |
| 1.10 | Saul ...<br>• moes die nag in die kwar se mik deurbring.<br>• was bekommerd oor sy geweer wat hy laat val het.<br>• het baie gehad om oor te dink.<br>• het 'n olifant hoor rammel.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.11 | Dit dui aan dat Saul ontsteld/omgekrap/geskok was.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.12.1 | respek vir<br>*(Die antwoord op Vraag 1.12.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.12.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 1.12.2 | Maska het respek vir Saul gehad omdat hy ...<br>• die verhouding tussen Saul en Oupoot gesien/verstaan het.<br>• vir Saul as die redder van die Bos gesien het.<br>• Saul as sy mens-broer gesien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 1.13 | • Ons sien hoe Saul eers sy eie mense probeer oortuig het om nie die Bos uit te roei nie.<br>• Daarna het hy probeer keer dat die delwers die Bos uitroei.<br>• Die Goewerment het reëls neergelê vir Boswerkers oor waar/wat hulle mag kap.<br>• Daar is telkens gewaarsku dat olifante nie geskiet mag word nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.14 | D ontevrede was omdat hy gedink het Maska het nie gedoen wat hy moes nie. | 1 |
| | | |
| 1.15.1 | Hulle was lief vir mekaar/liefdevolle/goeie verhouding.<br>(*Die antwoord op Vraag 1.15.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.15.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 1.15.2 | • **Kate** was bereid om teen haar pa se wense vir Saul 'n erf te bekom./**Kate** het erken dat as Saul weggaan, staan sy sonder genade./Kate het al die pad agter Saul aangekom.<br>• **Saul** kon nie wag om vir Kate te laat roep nie./Saul het erken hy is 'n halwe mens sonder Kate./**Saul** was bereid om nie terug te klim op die Pictor nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.16 | • Saul sou nie vir Jozef uitbuit nie.<br>• Saul sou Jozef eerlik behandel.<br>• Jozef het presies geweet waar hy met Saul gestaan het.<br>• Jozef het aanvaar dat hy Saul kon vertrou.<br>• Hulle was albei harde werkers.<br>• Hulle het albei kennis van houtwerk gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.17 | Aan die begin wou Saul vir Oupoot skiet omdat hy hom die vernedering van 'n koeël uit Terblans se geweer wou spaar. Aan die einde het Saul besef dat Oupoot nie kon sterf as gevolg van 'n leuen nie/wou Saul toe Oupoot se lewe red.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Verskil moet duidelik uit antwoord blyk. Indien net EEN kant genoem word, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 1.18 | Ja.<br>• Saul het verkeerdelik die skuld gekry vir alles wat in die Bos verkeerd gegaan het.<br>• Saul is deur die Bosmense as opstandeling/ weggejaagde/verraaier en opstoker gebrandmerk. (Voorbeelde kan ook genoem word.)<br>OF<br>Nee.<br>• Dit sou MacDonald se skuld wees, want hy wou Saul wegkry uit Knysna/hy het alle deure en geleenthede vir Saul toegemaak.<br>• Dit was Saul se eie besluit.<br>• Saul sou homself moes blameer, want hy was 'n sterk man en het nog altyd sy eie besluite geneem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.19.1 | Saul sou kon spyt/sleg voel dat ...<br>• hy nie vrede gemaak het met sy pa voor sy dood nie.<br>• hy nie meer sukses gehad het om die Bos te red nie.<br>• Arend dood is.<br>• hy nie vir Oupoot kon red nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Enige iets waaroor die karakter spyt of sleg kon voel binne konteks van die roman. Die antwoord op Vraag 1.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.19.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 1.19.2 | • Saul was lief vir sy pa/die hek sou oop gewees het tussen hulle./Saul sou gelukkiger gevoel het in homself as hy met sy pa vrede gemaak het.<br>• Van kleins af was die Bos en die natuur vir Saul belangrik.<br>• Arend se dood was direk verbind met sy besoek aan Saul./Saul kon nie vir Arend die nodige mediese hulp gee nie.<br>• Oupoot was sy dier-broer/het hom altyd veilig gehou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 1.19.1 en Vraag 1.19.2 wees.)* | 1 |
| | | **[35]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1 | Beyers | 1 |
| | | |
| 2.2 | • Hanna wou 'n eksotiese naam hê.<br>• Hanna wou vir haar 'n lewe opmaak/sy was ontevrede met haar lewe soos dit was.<br>• Hanna se ouers het ongewone beroepe gehad.<br>• Hanna het 'n ongewone/aangelapte gesin gehad.<br>• Hanna het geglo sy was te vaal./Hanna was ontevrede met haar voorkoms./Voorbeelde kan genoem word – tande/borste.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 2.3 | Enersyds was Hanna **bly** dat haar ma die foon beantwoord het toe Gavin gebel het, maar andersyds was Hanna **omgekrap/kwaad** dat Mana vir Gavin genooi het (vir haar verjaarsdag).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Albei kante van die konflik moet genoem word. Indien die kandidaat slegs EEN kant noem, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)* | 2 |
| | | |
| 2.4 | B hard en aanhoudend dit gereën het. | 1 |
| | | |
| 2.5.1 | D Almal het gelyk gegil en geskree. | 1 |
| | | |
| 2.5.2 | A Almal was baie benoud en bang. | 1 |
| | | |
| 2.5.3 | E Die natuurskoon het almal verras. | 1 |
| | | |
| 2.5.4 | B Almal moes saans in mekaar se geselskap deurbring. | 1 |
| | | |
| 2.6 | • Hanna het wakker geword met 'n gefluister voor haar bed/die gesin was almal voor Hanna se bed.<br>• Die gesin het vir Hanna gesing.<br>• Hulle het vir Hanna ontbyt in die bed gebring.<br>• Hanna het geskenke gekry.<br>• Gavin het laatmiddag opgedaag.<br>• Hulle het 'n lekker aandete gehad/partytjie gehou.<br>• Hulle het die aand met speletjies afgesluit.<br>• Margot en Sharon het Hanna mooi gemaak.<br>• Gavin het vir haar 'n gepaste geskenk vir haar verjaarsdag gegee.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 2.7 | Ja.<br>• Hanna was kreatief/kon goed skryf/was verbeeldingryk.<br>• Hanna het ontwikkel/haar vooroordele ontgroei./Sy het geleer om haarself, haar gesin en haar lewe te aanvaar/waardeer.<br>• Hanna het kopgehou in die chaos van haar gesin.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Voorbeelde kan genoem word. Indien die kandidaat nie met die stelling saamstem nie, kan die antwoord slegs oorweeg word indien daar 'n geldige motivering is wat op die teks gebaseer is.)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 2.8 | • Hanna het ongelooflike avonture saam met haar unieke gesin beleef.<br>• Hanna het altyd vrae gevra.<br>• Hanna se eerste woord was *hoekom*.<br>• Hanna het haar eie ware verhaal as hoofkarakter geskryf./Hanna is die hoofkarakter.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 2.9 | Hy was 'n modeontwerper/hy het klere gemaak. | 1 |
| | | |
| 2.10 | • Margot het haar kinders verwaarloos.<br>• Margot was nie eg nie.<br>• Margot wou soos 'n koningin behandel word.<br>• Margot het te veel van haarself gedink.<br>• Margot was te kieskeurig oor wat sy eet en drink.<br>• Hanna was jaloers op Margot, want Sharon het van Margot gehou.<br>• Hanna het nie van Margot se klere/vals laggie gehou nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 2.11 | Dit dui aan dat Hanna liefdevol/beskermend/dankbaar/opgewonde oor die baba se koms was. | 1 |
| | | |
| 2.12.1 | baie anders as<br>*(Die antwoord op Vraag 2.12.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.12.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 2.12.2 | • Tydens Ditjie se geboorte is operamusiek (van Bartoli) gespeel.<br>• Die baba het geen (spesifieke) naam gehad nie.<br>• Daar was nie babaklere nie.<br>• Mana was onseker/verward oor die baba se verwagte geboortedatum.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.13 | • Hanna se stiefpa het haar verstaan.<br>• Die hele aangelapte gesin het saam wittebrood gaan hou.<br>• Selfs gewese man en vrou was welkom.<br>• Beyers was 'n goeie man vir Mana/stiefpa vir Hanna en Tibo.<br>• Ons kry nêrens bewyse dat Mana of Beyers hulle stiefkinders anders as hulle eie kinders behandel het nie.<br>• Aan die einde het almal die tyd op die berg geniet/die tyd saam geniet/mekaar beter leer ken.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.14 | D tevrede was met haar stiefbroer. | 1 |
| | | |
| 2.15.1 | Hulle het toe 'n goeie/beter verhouding gehad.<br>*(Die antwoord op VRAAG 2.15.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.15.2 te verdien.)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 2.15.2 | • **Margot** het moeite gedoen om Yann te komplimenteer/tyd saam met hom deur te bring./Margot het belowe om gou weer te kom kuier.<br>• **Yann** het verstaan dat sy ma haar beroep moes uitleef./Yann het sy ma geglo./Yann wou gehad het sy ma moes weer kom kuier.<br>• Dit het gelyk of Margot huil en Yann hartseer was toe sy ma vertrek.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 2.15.1 en Vraag 2.15.2 wees.)* | 2 |
| | | |
| 2.16 | • Hanna sou uit eie ervaring kon skryf.<br>• Hanna het talent gehad.<br>• Hanna het 'n goeie verbeelding gehad.<br>• Hanna sou die nodige ondersteuning kry.<br>*(Enige EEN soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.17 | Hanna was aan die begin skepties/vies oor sy besoek/skaam dat Sharon hom moes ontmoet, maar Hanna het aan die einde sy goeie hoedanighede raakgesien./Hanna het gesien sy hoef haar nie vir hom te skaam nie./Hanna het hom beter leer ken/het hom bewonder/aanvaar. Hanna was onseker oor Gavin se liefde vir haar, maar aan die einde was sy seker van sy liefde vir haar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Verskil moet duidelik uit die antwoord blyk. Indien net EEN kant genoem word, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)* | 2 |
| | | |
| 2.18 | Ja.<br>Hy moes nie 'n hoogswanger Mana na so 'n afgeleë plek geneem het nie.<br>OF<br>Nee.<br>Beyers het moeite gedoen om die gesin dinge saam te laat doen.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.19.1 | • Gavin sou kon spyt/sleg voel dat hy (vir veertien jaar) nie deel van Hanna se lewe was nie.<br>• Hy kon homself blameer het dat hy verkeerde/onvanpaste geskenke vir Hanna gegee het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Enige iets waaroor die karakter spyt of sleg kon voel binne konteks van die roman. Die antwoord op Vraag 2.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.19.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 2.19.2 | • Gavin kon haar gehelp het om in haarself te glo en kon geleer het waarvan sy hou en waarvan nie.<br>• Gavin sou lankal reeds 'n beter verhouding met Hanna gehad het/beter geskenke gegee het.<br>• Gavin kon meer moeite gedoen het om Hanna se vorige verjaarsdae by te woon of om haar meer gereeld te sien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 2.19.1 en Vraag 2.19.2 wees)* | 1 |
| | | **[35]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn | | |
|---|---|---|
| **VR NR** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 3.1 | (Op) Salamanderbaai | 1 |
| | | |
| 3.2 | • Ryna se man en kind het in 'n brand gesterf.<br>• Ryna wou nie meer in Kaapstad bly nadat sy uit die Silkwoodkliniek ontslaan is nie/sy wou nuut begin.<br>• Ryna het geleentheid gekry om op Meeuland met navorsing/boek oor kusvoëls te gaan help.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 3.3 | Enersyds was Meeuland die plek waar sy ontvlugting sou vind/'n nuwe lewe kon begin, maar andersyds het sy besef dat sy nie daar welkom was nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Albei kante van die konflik moet genoem word. Indien die kandidaat slegs EEN kant noem, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)* | 2 |
| | | |
| 3.4 | A die stukkende windlaaier wat nie die batterye kon laai nie. | 1 |
| | | |
| 3.5.1 | C Ryna moes sê dat sy nog nie gereed was vir 'n verhouding nie. | 1 |
| | | |
| 3.5.2 | D Ryna het begin voel of sy nie meer net op Meeuland was om 'n boek te skryf nie. | 1 |
| | | |
| 3.5.3 | A Ryna en Jacob het baklei omdat Ryna vir Janka Salamanderbaai toe wou neem. | 1 |
| | | |
| 3.5.4 | B Jacob het agtergekom dat hy dalk gevoelens vir Ryna kon hê. | 1 |
| 3.6 | • Ryna het besef sy was lief vir Jacob.<br>• Ryna het besluit om nie terug te gaan Kaap toe nie.<br>• Ryna het 'n onderwyspos op Salamanderbaai gekry.<br>• Ryna moes gereedmaak om vir Janka op Meeuland agter te laat.<br>• Ryna het beter/gesond/sterker/heel geraak.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 3.7 | Ja.<br>• Ryna was sterk genoeg om haar lewe oor te begin.<br>• Ryna kon haar kop hoog hou en Jacob se norse/onvriendelike houding weerstaan.<br>• Ryna het weer vir 'n ander kind, Janka, liefde en 'n huis gegee.<br>• Ryna het die beste uit slegte situasies gemaak.<br>• Ryna was lojaal/versorgend/liefdevol/sterk/'n vasbyter.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat mag omskryf/ voorbeelde gee of 'n karaktereienskap wat jy kan bewonder, noem. Indien die kandidaat nie met die stelling saamstem nie, kan die antwoord slegs oorweeg word indien daar 'n geldige motivering is wat op die teks gebaseer is.)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 3.8 | • Die kern/eintlike storielyn speel op Meeuland af.<br>• Die verhaal konsentreer op Ryna, Jacob en Janka wat Meeulanders was.<br>• Meeuland was die ruimte waar karakters verander het en geheime ontstaan het.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 3.9 | The Green Shadows | 1 |
| | | |
| 3.10 | • Ryna het geglo Jacob het haar nie nodig gehad nie.<br>• Ryna het gevoel dat sy tyd alleen nodig gehad het.<br>• Ryna wou naby Janka gewees het.<br>• Ryna was kwaad vir Jacob.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 3.11 | Dit dui aan dat Ryna hartseer/verlangend was.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.12.1 | lojaliteit teenoor<br>*(Die antwoord op Vraag 3.12.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 3.12.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 3.12.2 | Ryna was lojaal omdat sy geweet het wat die Blanckenbergs alreeds van Jacob weggeneem het/vir Jacob lief was/geweet het hoe lief Jacob vir Janka was.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.13 | • Ryna was bereid om vir Jacob te wag totdat sy tronkstraf verby was.<br>• Jacob het sy vooroordele laat staan en Ryna liefgekry.<br>• Elsabet het alles op Meeuland agtergelaat uit liefde vir Fred.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.14 | D te trots was om iets van Fred te ontvang. | 1 |
| | | |
| 3.15.1 | Jacob en Ryna het 'n romantiese/liefdesverhouding gehad.<br>*(Die antwoord op VRAAG 3.15.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 3.15.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 3.15.2 | • **Jacob** het vir haar 'n romantiese plaat voor haar deur gelaat/genooi om Meeuland toe te kom.<br>• **Ryna** het hom dadelik gebel/dadelik ingestem om Meeuland toe te gaan./Ryna het besef dat sy hom liefhet./Ryna het tot die laaste saam met Jacob op Meeuland gebly.<br>• Albei het gesê dat hulle lief was vir mekaar.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde.)* | 2 |
| | | |
| 3.16 | • Jacob het nie meer vir Meeuland nodig gehad om hom teen die buitewêreld te beskerm nie.<br>• Jacob se pyn was verby.<br>• Jacob het vir Ryna en Janka gehad om hom te ondersteun.<br>• Jacob sou op enige plek kon asemhaal.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 3.17 | • Ryna wou wegvlug van haar verlede, maar nou was sy bereid om dit te aanvaar en aan te beweeg.<br>• Na haar man se dood was sy nie reg vir 'n nuwe verhouding nie, maar nou het sy haar oopgestel vir 'n nuwe liefde/'n weer begin.<br>• Ryna was onseker/pessimisties/negatief/angstig/kwaad/bitter teenoor die lewe, maar nou was sy optimisties/hoopvol/sterk/vol vrede bereid om te lewe en lief te hê.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Verskil moet duidelik uit die antwoord blyk. Indien net EEN kant genoem word, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)* | 2 |
| | | |
| 3.18 | Ja.<br>• Jacob was onbeskof teenoor haar/het haar glad nie tuis laat voel nie.<br>• Elsabet het ook niks gedoen om haar welkom te laat voel nie.<br>OF<br>Nee.<br>• Ryna kon steeds besluit het of sy haar man teen hom gaan staan.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.19.1 | Ryna kon spyt/sleg gevoel het dat ...<br>• sy nooit vir Elsabet gesê het dat Janka nie haar kind was nie.<br>• sy vir Attie moes seermaak/verwerp het.<br>• sy nie vir Jacob gekeer het toe hy vir Skalla gaan soek het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Enige iets waaroor die karakter spyt of sleg kon voel binne konteks van die roman. Die antwoord op Vraag 3.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 3.19.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 3.19.2 | • Elsabet is graf toe sonder die waarheid.<br>• Attie was lief vir Ryna.<br>• Jacob moes tronkstraf uitdien.<br>• Dit sou Jacob baie swaarkry gespaar het.<br>• Attie het seergekry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 3.19.1 en Vraag 3.19.2 wees.)* | 1 |
| | | **[35]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt***

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | (Weird) Maria | 1 |
| | | |
| 4.2 | • Lien se pa het bedrog gepleeg/geld verduister/gesteel/was oneerlik.<br>• Lien se pa was in die tronk.<br>• Lien-hulle moes hul bekende omgewing agterlaat/na 'n beknopte/klein woonstelletjie toe trek/nuwe skool toe gaan/Hoërskool Jakaranda toe gaan.<br>• Lien-hulle het finansiële probleme gehad/hulle het in armoede verval/min geld/kos gehad.<br>• Lien se ma het haar kinders verwaarloos.<br>• Lien se ma het begin drink/sy was 'n alkoholis.<br>• Lien se ma het haar werk verloor.<br>• Lien het 'n broer gehad wat nie juis gehelp het om die situasie by die huis makliker te maak nie/Braam was apaties/onbetrokke/ onbehulpsaam/het geen bydrae tot die huishouding gelewer nie.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 4.3 | • Lien het die geld nodig gehad, maar sy het geweet dit beteken kontak met die kinders van die nuwe skool wat sy wou vermy.<br>• Lien was gelukkig dat sy die werk gekry het, maar aan die anderkant was dit net tydelik.<br>• Lien was bly om die werk te kry, maar spyt dit betaal so min.<br>• Lien was bly oor die werk, maar het nie daarvan gehou dat Donovan haar Engel genoem het nie/dat Donovan die heeltyd gesê het dat Sue-Ellen gaan terugkom nie.<br>• Lien het nie lus gehad om daar te werk nie, maar sy het die geld nodig gehad.<br>• Lien wou nie regtig daar werk nie, maar Tant Bets het die werk vir haar gereël.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Albei kante van die konflik moet genoem word vir 2 punte. Indien die kandidaat slegs EEN kant noem, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)* | 2 |
| | | |
| 4.4 | C Braam wat stilletjies na video's gekyk het. | 1 |
| | | |
| 4.5.1 | C Lien het besef dat sy dringend geld moes kry. | 1 |
| 4.5.2 | A Lien het 'n pruik en bril by juffrou Breytenbach gaan leen. | 1 |
| | | |
| 4.5.3 | B Die dominee het van Lien-hulle se probleem gehoor. | 1 |
| | | |
| 4.5.4 | D Lien het toe twee dae per week nie skool toe gegaan nie. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 4.6 | • Lien het opgehou bedel/is voltyds terug skool toe.<br>• Die kerk help finansieel.<br>• Lien het haar vaste werk by Dirkie-hulle (salon) teruggekry.<br>• Lien het haar ma in die kliniek gaan besoek/vrede gemaak met haar ma.<br>• Lien het haar pa in die tronk besoek/vrede gemaak met haar pa/haar pa vergewe.<br>• Lien kon weer op haar skoolwerk/finale eksamen/toekoms fokus.<br>• Lien se ma kon moontlik werk by die skool kry.<br>• Lien het die drama geniet en sekerheid oor haar toekomsplanne gekry.<br>• Kuifie en Elna het vir haar werk as baba-oppasser aangebied.<br>• Lien se verhouding met Hein het verdiep.<br>• Lien se verhouding met haar ma het verbeter/Ma speel klavierstuk spesiaal vir haar/is haar ou self.<br>• Lien het nuwe vriende gemaak.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde*) | 3 |
| | | |
| 4.7 | Ja.<br>• Lien het haar drome opsy geskuif om haar gesin/vriend te help/ ander mense bo haarself gestel/was onselfsugtig.<br>• Lien het dit reggekry om in iemand anders se skoene te staan/die wêreld beter te verstaan./as mens ontwikkel.<br>• Lien het sterk gestaan toe daar niemand was om haar ouers se rol in die huis te speel nie./Lien gee nie maklik op nie/het uithouvermoë/ was bereid om te begin bedel om kos op die tafel te sit.<br>• Lien was bereid om die huishouding oor te vat/was verantwoordelik.<br>• Lien kon haar haat vir haar pa oorkom/gaan vrede maak/ander vergewe.<br>• Lien was volwasse genoeg om haar ma weer 'n kans te gee/lojaal.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>OF<br>Nee.<br>• Lien was nie 'n goeie voorbeeld nie, want sy het briewe vervals/uit die skool gebly.<br>• Lien wou nie by die nuwe skool aanpas nie.<br>• Lien het mense op hul uiterlike getakseer/byname gegee.<br>• Lien was jaloers, (bv. toe sy gesien het hoe Wouter met Riekie gesels het.)<br>• Lien was impulsief, (bv. om haar werk by tant Malie sommer net te los.)<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde.* Die kandidaat mag omskryf/*'n* voorbeeld gee of *'n* karaktereienskap wat jy kan bewonder, noem.) | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 4.8 | Die titel is gepas, want ...<br>• **Lien** is die hoofkarakter in die roman/die verhaal handel oor **Lien se lewe** en stryd.<br>**EN**<br>• **Lankstaanskoene** verwys **letterlik** na die gemaklike skoene wat sy aangehad het/die lang ure wat sy in haar skoene deurgebring het.<br>**OF**<br>• **Figuurlik** verwys die **lankstaanskoene** na haar deursettingsvermoë/ die grootmensskoene wat sy moes volstaan/die lang tyd wat sy haar gesin versorg het/die groot invloed wat die bedel op haar menswees gehad het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Een punt word vir Lien toegeken en die tweede punt vir die skoene.)* | 2 |
| | | |
| 4.9 | Dirkie/Sproet/Gordon | 1 |
| | | |
| 4.10 | • Lien het geweet dat Hein daarvan gehou het om met sy hande te werk./Hein was goed met sy hande.<br>• Hein het gehelp bou aan die dekor vir die toneelopvoering van die skool./Hy het sy pa by die konstruksiemaatskappy gehelp.<br>• Lien het geweet dat Hein/Hein se pa die gereedskap sou hê om die karretjie te maak./Hein se pa het 'n konstruksiemaatskappy (Venter Construction) gehad/het die tipe werk gedoen.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 4.11 | Dit dui aan dat Lien geskok/ongemaklik/skaam/verleë/senuweeagtig/ skuldig/verward/onseker was.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.12.1 | nogal hartseer<br>*(Die antwoord op Vraag 4.12.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 4.12.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 4.12.2 | Lien het besef dit was die einde van 'n era/sy sou nooit weer saam met hulle staan en bedel nie/sy het nie geweet wanneer sy hulle weer gaan sien nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde.)* | 1 |
| | | |
| 4.13 | • Lien het haar pa/ma **vergewe**.<br>• Lien het **vrede** met haar pa/ma gemaak.<br>• Die ma en die pa het hulleself **vergewe** en kon aanbeweeg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.14 | C trots op haar ma was wat bereid was om oor te begin. | 1 |
| | | |
| 4.15.1 | • Lien en Hein het 'n gemaklike/goeie/positiewe verhouding gehad.<br>• Lien en Hein se verhouding het verdiep/verstewig/gegroei/'n liefdesverhouding geword.<br>• Lien en Hein het nader aan mekaar beweeg/romanties betrokke geraak.<br>• Na Tibby se ongeluk was Lien en Hein soos besigheidsvennote.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 4.15.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 4.15.2 te verdien.)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 4.15.2 | • Hulle/**Hein** kon idees oor die karretjie (opgewonde) met mekaar/Lien deel.<br>• **Lien** kon Hein vertrou om haar met Tibbey te help.<br>• Lien en Hein het goeie vriende geword**.** *(Indien dit nie reeds by Vraag 4.15.1 gegee is nie.)*<br>• Lien het vrymoedigheid gehad om vir Hein 'n guns te vra.<br>• Lien het haar opinie van hom positief verander.<br>• Lien en Hein het mekaar vertrou.<br>• Hein het vir Lien 'n amptelike kwotasie gegee.<br>• Lien het Hein betaal.<br>• Lien en Hein het 'n vriendskapsverhouding/romantiese verhouding gehad.<br>• Na die konsert het **Lien** gewonder wat van Hein geword het/Lien het na Hein gaan soek.<br>• **Lien en Hein** is saam na die geselligheid ná die konsert/saam na Riekie se partytjie gegaan.<br>• Lien en Hein was saam matriekafskeid toe.<br>• Hein het saam met Lien op die video in die slothoofstuk verskyn.<br>• Hulle het op die pawiljoen gesels.<br>• Hulle het meer tyd saam deurgebring.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.15.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 4.15.2 te verdien. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 4.15.1 en Vraag 4.15.2 wees.)* | 2 |
| | | |
| 4.16 | • Dit was wat Lien graag wou doen.<br>• Lien het tuis gevoel op die verhoog/dit was waar sy wou wees/sy het gevoel asof sy vlieg/sy het gevoel asof sy in die hemel was./Lien het haar talent vir toneelspel ontdek.<br>• Lien het volwasse geword/het geweet wat sy uit die lewe wou hê./Lien het uithouvermoë.<br>• Lien het die rol in die konsert goed vertolk.<br>• Lien het 'n staande toejuiging na die konsert gekry.<br>• Haar hele lewe was 'n toneelspel en daar was sy oortuigend.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.17 | • Lien het eers openlik erken dat sy haar pa gehaat het/kwaad/ briesend vir hom was/hom veroordeel het, maar later het sy hom in 'n ander lig gesien/hom vergewe. *(Nie hartseer nie.)*<br>• Lien het haar pa blameer, maar later het sy ook haar pa jammer gekry.<br>• Lien wou eers niks oor haar pa sê nie, maar later het sy selfs met hom gepraat.<br>• Lien verwys aan die begin na haar pa as “hom” en later as “pa”.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Verskil moet duidelik uit die antwoord blyk. Indien net EEN kant genoem word, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 4.18 | Ja.<br>• Lien het self besluit om haar afwesigheidsbriefie te vervals/skool te mis om te bedel.<br>• Lien moes haar Afrikaans-onderwyseres se ondersteuning-gebruik het.<br>• Lien moes die dominee se ondersteuning/hulp gebruik het.<br>• Lien het self besluit om nie betrokke te wees by die res van die leerders nie; hulle sou haar kon ondersteun.<br>• Sy was min by die skool/sy het haar skoolwerk afgeskeep/sy was onverantwoordelik.<br>• Sy kon vir hulp gevra het sodat sy eerder op haar skoolwerk kon fokus.<br>OF<br>Nee.<br>• Dit sou haar pa en/of ma/hulle huislike omstandighede se skuld wees.<br>• Lien se omstandighede het haar gedwing om minder aandag aan haar skoolwerk te gee/sy moes die rol van broodwinner/ouer oorneem/Lien het baie swaar gekry/moes werk om kos op die tafel te plaas/te oorleef.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.19.1 | Lien se ma kon spyt/sleg voel dat sy ...<br>• so baie gedrink het/nie sterker was nie/nie soos 'n verantwoordelike volwassene opgetree het nie.<br>• na haar eerste keer in die kliniek weer in haar ou weë teruggeval het.<br>• haar kinders/musiektalent/werk verwaarloos het.<br>• gesteel het.<br>• haar werk verloor het.<br>• nie dadelik haar man vergewe het/kon vergewe nie.<br>• haar verantwoordelikhede op haar kind geskuif het.<br>• dronk by die skool opgedaag het.<br>• nie emosioneel/fisies/finansieel daar vir haar kinders was nie.<br>• die rede was dat Lien moes begin bedel.<br>• die rede was as Lien sou druip.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Enige iets waaroor die karakter spyt of sleg kon voel binne konteks van die roman. Die antwoord op Vraag 4.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 4.19.2 te verdien.)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.19.2 | • Dit het Lien se ma haar werk/selfrespek gekos.<br>• Lien en Braam het daarna nie meer vertroue in haar gehad nie.<br>• Haar kinders moes swaarkry.<br>• Haar kinders het hulle vir haar geskaam/hulle respek vir hulle ma verloor.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 4.19.1 en Vraag 4.19.2 wees.)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **35** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze**

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1 | Meisie uit 'n geslag van groot vroue | 1 |
| | | |
| 5.2 | • Poppie se ma het haar weggevat van ouma Hannie af./Poppie het saam met Mama Lena na Lambertsbaai verhuis.<br>• Mama Lena het werk gekry by die visfabriek op Lambertsbaai.<br>• Mama Lena is weer getroud.<br>• Poppie moes Mama se kinders by Mbatane oppas.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 5.3 | Poppie het na haar mense verlang wat reeds Lambertsbaai verlaat het, maar sy wou nie haar man in Lambertsbaai agterlaat nie.<br>Poppie wou nie Lambertsbaai verlaat nie, maar het onveilig daar gevoel.<br>Poppie wou nie haar man agterlaat nie, maar die huise is afgebrand en sy was alleen in die straat oor/sy het nie gerus gevoel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Albei kante van die konflik moet genoem word. Indien die kandidaat slegs EEN kant noem, verdien die kandidaat EEN punt.)* | 2 |
| | | |
| 5.4 | D Poppie se probleme om elke keer uitstel vir haar pas te kry. | 1 |
| | | |
| 5.5.1 | C Poppie was nie meer so negatief oor die gedagte om te trou nie. | 1 |
| | | |
| 5.5.2 | A Huise is deur die polisie aan die brand gesteek. | 1 |
| | | |
| 5.5.3 | E Poppie moes vir 'n werk soek waar sy gedurende die week kon inslaap. | 1 |
| | | |
| 5.5.4 | B Jakkie en sy maats het die gebeure tydens die staking *(strike)* snaaks gevind. | 1 |
| | | |
| 5.6 | • Poppie moes leer van die pasbesigheid./Sy kon nie 'n pas of verblyfpermit kry nie.<br>• Poppie het 'n staking beleef/gesien hoe kinders hul respek vir grootmense verloor.<br>• Poppie het haar oor Jakkie begin bekommer.<br>• Poppie moes haar siek man bystaan.<br>• Poppie moes haar kinders dikwels alleen laat om te gaan werk.<br>• Poppie moes besluite neem oor haar lewe in Mdantsane.<br>• Daar was geen plek in die Kaap nie, hulle moes Nyanga toe.<br>• Poppie moes by die kwekery slaap/vir minder geld werk.<br>• Poppie het lang ure/hard gewerk/kon net ‘n halfuur by die familie deurbring/het min tyd gehad om Stone te sien.<br>• Stone het siek geword/was werkloos.<br>• Sy het gesukkel om extention te kry omdat sy met ‘n man uit die Ciskei getroud was.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 5.7 | Ja.<br>• Stone was baie netjies op homself/sy klere.<br>• Stone het sy gesondheid in gevaar gestel om 'n werk/huis/ verblyfpermit te kry.<br>• Stone het mooi vir Poppie/die kinders gesorg terwyl hulle saam was.<br>• Toe Poppie Mdantsane toe getrek het, het Stone homself afgeskeep om te sorg dat Poppie geld het om van te leef.<br>• Stone was onselfsugtig.<br>• Stone was hardwerkend.<br>OF<br>Nee.<br>• Stone was onverantwoordelik om by die melkery te gaan werk.<br>• Stone was jaloers op Poppie as sy min by die huis was.<br>• Stone het met sy gesondheid gedobbel deur na die toordokters toe te gaan vir medisyne.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat mag omskryf/voorbeelde gee of 'n karaktereienskap wat jy kan bewonder, noem)* | 2 |
| | | |
| 5.8 | • Dis om Poppie se lewe en stryd wat die hele drama draai./Poppie is die hoofkarakter in die drama.<br>• Dit gee inligting oor die tipe genre/dit sê vir die leser dat dit 'n drama is/opgevoer kan word.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 5.9 | Soweto | 1 |
| | | |
| 5.10 | • Poppie het hulle agtergelaat sodat hulle kon skool bywoon.<br>• Daar was nie blyplek vir hulle almal in Mama se huis nie.<br>• Poppie wou hulle uit die moeilikheid hou.<br>• Die meisiekinders was by Stone se ouers.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 5.11 | Dit dui aan dat Poppie bevrees/bekommerd/beangs/hartseer was.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.12.1 | moedeloos<br>*(Die antwoord op Vraag 5.12.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 5.12.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 5.12.2 | Mama het nie geweet wat hulle kon doen om die geweld te stop nie./ Mama het geweet hulle kon nie die kinders beskerm nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.13 | Poppie het so goed moontlik probeer beplan om haar/haar kinders se toekoms veilig te maak, maar die lewe het vir hulle anders verloop/regering van die dag het namens hulle besluit.<br>Die drama eindig met 'n gebed wat beteken ons lewens is in God se hande, maar Hy besluit wat met ons gebeur en Poppie het dit later besef.<br>(*Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidate mag ook voorbeelde noem van Poppie se beplanning wat skeefgeloop het*). | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 5.14 | C ontevrede was met die versorging wat Vukile gekry het. | 1 |
| | | |
| 5.15.1 | Poppie en Jakkie het nie 'n goeie verhouding gehad nie./Dit was 'n slegte/swak verhouding.<br>*(Die antwoord op Vraag 5.15.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 5.15.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 5.15.2 | • **Jakkie** het sy gesin/Poppie en haar kinders by sy verkeerde bedrywighede/blootstelling aan die polisie betrek.<br>• **Poppie** was teleurgesteld omdat haar gunstelingbroertjie die verkeerde pad gekies het/die res van die gesin aan die polisie blootgestel het.<br>(*Of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie wees tussen Vraag 5.15.1 en Vraag 5.15.2*) | 2 |
| | | |
| 5.16 | • Poppie het deur haar voorbeeld vir hulle gewys hoe om die regte besluite in die lewe te neem al was dit nie altyd maklik nie.<br>• Poppie het vir hulle gewys hoe om hard te werk.<br>(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) | 1 |
| | | |
| 5.17 | • Poppie wou aan die begin alles in haar vermoë doen om haar kinders veilig te hou, maar het aan die einde besef sy kon nie haar kinders oral beskerm nie.<br>• Poppie wou net die opstande verby hê sodat daar moes vrede wees, maar sy het later besef dat die vrede wat sy wou hê, nie in haar hande was nie.<br>• Poppie het so mooi beplan soos wat sy gedink het reg was, maar sy het later besef dat die Here se wil moet geskied, nie hare nie.<br>• Poppie wou aan die begin omstandighede verander/verbeter, maar aan die einde het sy dit aanvaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Verskil moet duidelik uit antwoord blyk. Indien net EEN kant genoem word, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)* | 2 |
| | | |
| 5.18 | Ja.<br>• Mama en Poppie het die heeltyd vir Jakkie gewaarsku dat hy op die verkeerde pad was, maar hy wou nie luister nie.<br>• Jakkie was al groot, maar het hom besig gehou om die jong kinders te verlei.<br>• Jakkie is met liefde grootgemaak en het nie die voorbeeld in sy huis gekry om by verkeerde dinge betrokke te raak nie.<br>• Poppie het vir Jakkie die regte voorbeeld gestel deur die regte ding/volgens die wette te leef, maar hy het self besluit om die verkeerde pad te volg.<br>• Jakkie het die polisieman geskiet en om gevang te word, sou regverdige straf vir sy daad wees.<br>OF<br>Nee.<br>• Dit was die politieke omstandighede/juis Jakkie se liefde vir Poppie wat hom die verkeerde pad laat kies het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 5.19.1 | Poppie sou kon spyt/sleg voel dat sy ...<br>• met Stone as Ciskei-burger getrou het.<br>• haar kinders so dikwels aan hulself moes oorlaat.<br>• vir Vukile Kaap toe gebring het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Enige iets waaroor die karakter spyt of sleg kon voel binne konteks van die drama. Die antwoord op Vraag 5.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 5.19.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 5.19.2 | • Poppie se huwelik met Stone het veroorsaak dat sy die Kaap moes verlaat.<br>• Poppie het die geleentheid om haar kinders op te voed soos ouma Hannie haar opgevoed het, misgeloop.<br>• Vukile is op Kersdag met 'n klip gedood.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 5.19.1 en Vraag 5.19.2 wees.)* | 1 |
| | | **[35]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | Emma | 1 |
| | | |
| 6.2 | • Die sirkustrein het op Hendrik se stasie aangekom.<br>• Manuel en Willem het mekaar ontmoet/vriende geword.<br>• Manuel het agtergebly toe die sirkustrein vertrek het.<br>• Manuel het in die skuur gebly, want hy was Willem se geheim.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 6.3 | Willem wou nie huis toe gaan nie omdat sy ma en pa so baklei het/ hy wou eerder by die nar bly omdat hy daar gelukkig was, maar hy was bang Manuel voer sy dreigement om te loop uit as hy nie wou luister nie./hy wou Manuel nie teleurstel nie.<br>Willem het geweet dit was laat en hy moes huis toe gaan, maar hy het ongelukkig/angstig oor die stryery by die huis gevoel.<br>Willem het geweet sy ouers sou bekommerd wees, maar dit was lekkerder by Manuel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Albei kante van die konflik moet genoem word. Indien net EEN kant genoem word, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte. )* | 2 |
| | | |
| 6.4 | D Willem wat geweier het om huis toe te gaan. | 1 |
| | | |
| 6.5.1 | D Die leser het vir Hendrik leer ken as iemand wat nie vreemde dinge kan verdra nie. | 1 |
| | | |
| 6.5.2 | A Katrien het verstaan waarom hulle op daardie klein stasietjie was. | 1 |
| | | |
| 6.5.3 | E Allerlei stories is op die dorp oor die McDonalds versprei. | 1 |
| | | |
| 6.5.4 | B Manuel het besluit om kerk toe te gaan. | 1 |
| | | |
| 6.6 | • Willem het met selfvertroue begin optree.<br>• Willem het weer begin praat.<br>• Willem het geleer teken/toertjies doen./Willem kon sy gesin vermaak.<br>• Willem het geleer om sy gevoelens op verskillende wyses uit te druk.<br>• Willem het geleer konsertina speel.<br>• Hy het 'n vriend/maat gehad.<br>• Willem se lewe was opwindend/nie meer so saai nie.<br>• Willem se gesin het gelukkiger begin raak.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde. Voorbeelde mag genoem word.)* | 3 |

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 6.7 | Ja.<br>• Nollie was altyd vriendelik.<br>• Nollie het bedagsaam gebly.<br>• Nollie het nooit opgegee nie/deursettingsvermoë gehad/was geduldig.<br>• Nollie het vir Emma tyd gegee om gereed te wees vir 'n verhouding.<br>• Nollie het na almal in die familie geluister.<br>• Nollie het Emma respekteer.<br>• Nollie was hoflik.<br>OF<br>Nee.<br>• Nollie was maar middelmatig.<br>• Nollie het niks uitsonderliks gedoen nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat mag omskryf/ voorbeelde gee of 'n karaktereienskap wat jy kan bewonder, noem.)* | 2 |
| 6.8 | • Paljas beteken om te toor/dit was asof Manuel alles op die stasie reg getoor het.<br>• Manuel het sy paljas op die McDonalds gebruik en dit het gewerk.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde Voorbeelde kan genoem word.)* | 2 |
| 6.9 | Manuel was in die bed/in die kamer/hy is geskiet.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.10 | • Willem was bang hulle jaag Manuel weg.<br>• Willem kon nie praat en verduidelik nie.<br>• Willem wou graag sy eie geheim gehad het/hy het sy eie vriend gehad.<br>• Willem wou vir Manuel beskerm.<br>• Hendrik het nie van die sirkusmense gehou nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 6.11 | Dit dui aan dat Hendrik woedend/ontsteld/gefrustreerd/opgeskroef/**baie** ongelukkig was. | 1 |
| 6.12.1 | leeu in 'n hok<br>*(Die antwoord op Vraag 6.12.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 6.12.2 te verdien.)* | 1 |
| 6.12.2 | • Hendrik het gevoel ander het namens hom besluite geneem.<br>• Hendrik het gevoel dat hy nie homself kon wees/die situasie kon verander nie.<br>• Hendrik het gevoel ander dwing hom om soos hulle te dink/op te tree/hy het nie vryheid gehad om sy eie ding te doen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 6.12.1 en Vraag 6.12.2 wees.)* | 1 |
| 6.13 | • Hendrik en Katrien se huwelik het skade gely.<br>• Die gesin was ongelukkig/het mekaar nie verstaan nie./Hulle gesinsverhoudinge het verswak.<br>• Emma het nie vir Nollie gesê hoekom sy só teenoor hom opgetree het nie.<br>• Willem kon nie praat nie al wou hy.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.14 | D hulle ontevrede was omdat die McDonalds daar was. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 6.15.1 | Hendrik en Katrien was gelukkig saam/hulle verhouding het verbeter.<br>*(Die antwoord op Vraag 6.15.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 6.15.2 te verdien.)* | 1 |
| 6.15.2 | • **Hendrik** het vir Katrien gekomplimenteer oor hoe mooi sy gelyk het.<br>• **Hendrik en Katrien** het saam gedans.<br>• **Hendrik en Katrien** het in mekaar se ore gefluister.<br>• **Hendrik het Katrien** se wang gesoen/was liefdevol teenoor mekaar.<br>• **Hendrik en Katrien** het weer gepraat oor dinge wat belangrik is.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 6.15.1 en Vraag 6.15..2 wees.)* | 2 |
| 6.16 | • Hulle het die waarde van kommunikasie geleer.<br>• Emma het gesien dat haar ouers gelukkig was.<br>• Emma was gelukkig en hardloop nie meer weg nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.17 | Eers het die dorpsmense Hendrik-hulle beskinder/sleg behandel/ weggestoot/weggejaag en aan die einde het die dorpsmense by die McDonalds kom kuier en dans/aanvaar het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Verskil moet duidelik uit die antwoord blyk. Indien net EEN kant genoem word, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)* | 2 |
| 6.18 | Ja.<br>• Hendrik het te lank gevat om met Katrien te praat oor dinge wat saak maak.<br>• Hendrik het Katrien beskuldig dat sy geld mors.<br>• Hendrik het Katrien behandel asof sy 'n motor was.<br>• Hendrik was te jaloers.<br>OF<br>Nee.<br>• Katrien was koud/katterig teenoor Hendrik.<br>• Hendrik was nie goed genoeg vir Katrien nie.<br>• Katrien het haar vir Frans mooi gemaak.<br>• Katrien moes ook uitgereik het na Hendrik toe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.19.1 | Emma sou kon spyt/sleg voel dat ...<br>• sy die gesin nie vroeër gedwing het om met mekaar te praat nie.<br>• sy nie vroeër met Nollie gepraat het nie.<br>• sy nie na Hendrik geluister het en weggebly het van die trein af nie.<br>• sy so lank negatief was oor verhoudings.<br>• sy nie aanhou klavier speel het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Enige iets waaroor die karakter spyt of sleg kon voel binne konteks van die drama. Die antwoord op Vraag 6.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 6.19.2 te verdien.)* | 1 |
| 6.19.2 | • Die gesin sou nie soveel hartseer beleef het nie.<br>• Nollie sou beter kon verstaan hoekom Emma só oor trou gevoel het.<br>• Bertie kon haar baie skade aangedoen het.<br>• Emma en Nollie kon al lankal gelukkig saam gewees het.<br>• Emma sou 'n beter verhouding met haar pa kon hê.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 6.19.1 en Vraag 6.19.2 wees)* | 1 |
| | | **[35]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG 7: *FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee* | | |
|---|---|---|

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1 | (Mister) Goldsbury | 1 |
| | | |
| 7.2 | • Petrus Zondagh was nie beskikbaar nie/was by die see.<br>• Daar was nog nie 'n magistraat op die dorp nie.<br>• Die veldkornet was agter skaapdiewe aan/Dugas toe/nie beskikbaar nie.<br>• Die veldkornet was begrafnis (Haarlem) toe.<br>• Die kind was later te geheg aan haar/was aan haar rokspante vas.<br>• Sy kon nie 'n 3-jarige kind net daar op haar stoep gelos het nie.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 7.3 | • Barta het besluit om na die sensusman te luister, maar sy het geweet dat dit nie haar kind was nie.<br>• Barta het uit vrees opgetree en Benjamin/Lukas gekies al het sy geweet hy was nie haar kind nie.<br>• Barta het 'n kind verloor en alhoewel sy geweet het Benjamin/Lukas is nie haar kind nie, het sy besluit om te sê hy is hare.<br>• Barta het gewonder of sy moes jok of die waarheid praat.<br>• Barta was onseker of dit haar kind was, maar sy probeer die indruk skep dat sy seker is dis haar kind,<br>• Barta het skuldig gevoel dat sy gejok het, maar was ook verlig dat hierdie kind miskien haar verlore kind was.<br>• Barta het skuldig gevoel dat sy beïnvloed was om die seun met die blou hemp uit te ken, maar verlig dat sy nie self moes besluit nie.<br>• Barta was verlig dat sy klaar met die magistraat was, maar sy was bang hy sou uitvind dat sy gelieg het.<br>• Barta het geweet Benjamin was nie haar seun nie, maar sy het hom nietemin gekies.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Albei kante van die konflik moet genoem word. Indien net EEN kant genoem word, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)* | 2 |
| | | |
| 7.4 | D tussen die twee ruimtes, die Bos en Lange Kloof, te spring. | 1 |
| | | |
| 7.5.1 | D Fiela het geen keuse gehad as om vir Benjamin Knysna toe te laat gaan nie. | 1 |
| | | |
| 7.5.2 | A Benjamin is vir sewe jaar uit 'n liefdevolle huis weggeruk. | 1 |
| | | |
| 7.5.3 | E Benjamin het begin glo dat die Komoeties hom vergeet het. | 1 |
| | | |
| 7.5.4 | B Benjamin het hom na jare losgemaak van die Boslewe. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 7.6 | • Benjamin is soms (met die osriem) geslaan/mishandel.<br>• Benjamin moes hard/soos 'n slaaf werk.<br>• Benjamin het nie liefde gekry nie.<br>• Benjamin kon nie leer nie.<br>• Benjamin moes sonder sy eie goed klaarkom./Benjamin het niks van sy eie oorgehad nie.<br>• Benjamin kon nie kind wees en speel nie.<br>• Benjamin wou aan die begin wegloop.<br>• Benjamin was gedwing om vir Elias en Barta as "ma en pa" aan te spreek.<br>• Benjamin het in armoede grootgeword.<br>• Benjamin het nie voedsame/goeie kos gekry nie/min kos gekry/was nie (goed) versorg nie.<br>• Benjamin mag nie oor Fiela-hulle gepraat het nie/hy moes sy verlede ignoreer/vergeet.<br>• Benjamin het soos 'n gevangene in die Bos gevoel/gesukkel om in die Bos wat klam en donker was, aan te pas.<br>• Benjamin het gesukkel om sy ware identiteit te vind.<br>• Benjamin was by mense wat hy nie geken het nie.<br>• Benjamin was in 'n klam/ongesonde huis.<br>• Benjamin het nie goeie waardes geleer nie.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| 7. 7 | Ja.<br>• Benjamin/Lukas het gedoen wat Elias van hom verwag het.<br>• Benjamin/Lukas het probeer om die lewe in die Bos te leer ken/hy kon aanpas in al sy omstandighede – goed of sleg.<br>• Benjamin/Lukas het die Van Rooyens Ma en Pa genoem al het hy geweet hulle was nie.<br>• Benjamin/Lukas het Nina teen Elias beskerm/hy het vir Nina opgestaan en haar nie verklap nie/die bas van die bome afgehaal terwyl sy dit moes doen.<br>• Benjamin/Lukas het sy gevoelens vir Nina onderdruk omdat hy gedink het sy was sy suster.<br>• Benjamin/Lukas het die moed gehad om later te kies wie hy wou wees/’n visie vir sy toekoms gehad/sy drome nagejaag/sy eie ding gedoen.<br>• Benjamin/Lukas het die Komoeties nie vergeet nie.<br>• Benjamin/Lukas het vir sy geluk geveg.<br>• Benjamin/Lukas het teen Elias opgestaan en nie weer teruggegaan Bos toe nadat hy die see/Nina gesien het nie.<br>• Benjamin/Lukas was bereid om vir min by Kaliel te werk/om te leer roei/deursettingsvermoë gehad.<br>• Benjamin/Lukas het bly soek na wie hy is en nie moed opgegee nie.<br>• Ten spyte van Kaliel se woorde dat hy nie ‘n roeier kon wees nie, het Benjamin/Lukas geleer roei.<br>• Benjamin/Lukas was bereid om te wag vir sy kans/wou nie 'n ander man se spaan hê nie/wou sy eie plek verdien.<br>• Benjamin/Lukas het integriteit gehad/ in regverdigheid geglo/wou nie die grond wat Fiela vir hom gekoop het, aanvaar nie. | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| | • Benjamin was onafhanklik.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat mag omskryf/ voorbeeld gee of 'n karaktereienskap wat jy kan bewonder, noem. Indien die kandidaat nie met die stelling saamstem nie, kan die antwoord slegs oorweeg word indien daar 'n geldige motivering is wat op die teks gebaseer is.)* | 2 |
| | | |
| 7.8 | • Die drama is oor die kind/die hoofkarakter is die kind Benjamin.<br>• Dit verwys na **Fiela/**in die drama leer ken die leser al die lief en leed van **Fiela**.<br>• **Fiela** was Benjamin se ma, maak nie saak wat die wet gesê het nie./ Fiela het Benjamin soos haar eie grootgemaak.<br>• Dit dui **Fiela** se besitreg/hartreg op Benjamin aan.<br>• Benjamin het Fiela altyd as sy ma erken en nie vir Barta nie.<br>• Al die geheime en twyfel oor wie se **kind** Benjamin was, lê opgesluit in die titel.<br>• Geheime rondom die **kind** ontplooi.<br>• Benjamin het besluit hy is Fiela se kind.<br>• Die titel kan dui op Benjamin se identiteitskrisis.<br>• Dit gee ekstra inligting oor die genre.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 7.9 | Nina was:<br>• in Knysna/die dorp/by die see.<br>• by Miss Weatherbury. | 1 |
| | | |
| 7.10 | • Lukas wou die waarheid uitvind oor wie hy was./Hy wou sy ware identiteit vind.<br>• Lukas was verlief op Nina/wou 'n romantiese verhouding met haar hê.<br>• Fiela het hom aangeraai om terug te gaan (want net Barta sou hom kon verlos.)<br>• Hy het gehoop Elias ken die waarheid.<br>• Fiela het gesê bloed sou bloed gekeer het as Nina sy suster was.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 7.11 | Dit dui aan dat Barta ontsteld/bang/paniekerig/angstig/benoud/ senuweeagtig was/skuldig gevoel het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. NIE onseker of ongelukkig NIE)* | 1 |
| | | |
| 7.12.1 | nie verstaan het nie<br>*(Die antwoord op Vraag 7.12.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 7.12.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 7.12.2 | • Elias het die heeltyd gedink Barta het die waarheid gepraat/hy het haar geglo.<br>• Elias kon nie dink dat Barta vir so lank daaroor kon lieg nie.<br>• Elias het gedink sy makeer fisiek iets/was weer benoud/nie lekker nie.<br>• Elias het nie haar emosionele trauma verstaan nie.<br>• Elias het nie gedink dit was ernstig nie en wou net verder oor sy planne praat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 7.12.1 en Vraag 7.12.2 wees.)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 7.13 | • Nina het besluit om weg te loop uit die Bos/'n beter lewe te gaan vind.<br>• Fiela het so goed met geld gewerk/goed geboer dat sy grond vir Benjamin kon koop./Fiela het haar eie grond gehad./ Fiela het haar eie suksesvolle volstruisboerdery gehad.<br>• Lukas het gaan werk om 'n beter lewe buite die Bos te maak.<br>• Lukas is weg van die Van Rooyens af omdat hy nie langer misbruik wou word nie.<br>• Benjamin het teruggegaan na Fiela/die Komoeties toe.<br>• Nina het geweier om langer haar geld wat sy verdien het vir haar pa (Elias) te gee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.14 | D ontevrede was met die sensusmanne van destyds se optrede. | 1 |
| | | |
| 7.15.1 | Hulle was gelukkig saam/lief vir mekaar/gemaklik/tevrede met mekaar /liefdevolle/goeie/ondersteunende verhouding/'n familie/aanvaar mekaar.<br>*(Die antwoord op Vraag 7.15.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 7.15.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 7.15.2 | • Die **Komoeties** het:<br>○ hom as seun terugverwelkom.<br>○ verstaan dat Lukas sy eie pad/kop moes volg.<br>○ vir hom grond gegee/'n toekoms verseker.<br>○ hom ondersteun (die brief wat Fiela geskryf het).<br>• Fiela het hom omhels.<br>• Selling was aangedaan.<br>• Lukas het vir Fiela "Ma" genoem/haar gesoengroet.<br>• **Lukas** was bly hy kon nou weer Benjamin/'n Komoetie wees.<br>• Benjamin het vir John Benn gesê hy is 'n Komoetie.<br>• Benjamin het besluit hy bly in Lange Kloof.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 7.15.1 en Vraag 7.15.2 wees.)* | 2 |
| | | |
| 7.16 | • Hy was toe weer 'n Komoetie/deel van 'n liefdevolle gesin.<br>• Hy het toe grond/land gehad.<br>• Hy kon toe vir Nina vra om met hom te trou.<br>• Hy was 'n harde werker met deursettingsvermoë/vasberadenheid.<br>• Hy het uit die Bos/weg van Elias se onderdrukking gekom.<br>• Hy het nuwe vaardighede (roei) aangeleer/was bereid om iets nuuts te leer.<br>• Hy het geleer om na homself om te sien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.17 | Hulle was eers soos broer en suster/vriende/vertrouelinge, maar ná die gesprek kon hy vir haar sê dat hy vir haar lief was.<br>Aan die begin was hulle vreemd vir mekaar/het mekaar nie vertrou nie/gedink sy was moeilikheid/het nie van mekaar gehou nie, maar aan die einde was hulle lief vir mekaar.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Verskil moet duidelik uit die antwoord blyk. Indien net EEN kant genoem word, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 7.18 | Ja.<br>• Elias het nooit moeite gedoen om 'n goeie verhouding met sy kinders op te bou nie.<br>• Elias se kinders was net vir hom goed genoeg om vir hom te werk.<br>• Elias het sy kinders mishandel/Nina se hare met 'n mes afgesny/ kinders met 'n osriem geslaan.<br>• Elias het die kinders sleg behandel/min liefde getoon/was hard op hulle.<br>• Elias was wreed/lui/onregverdig/nie 'n goeie voorbeeld vir sy kinders nie.<br>OF<br>Nee.<br>• Kinders kon leer om te vergewe en nie dieselfde foute as Elias te maak nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.19.1 | Benjamin/Lukas sou kon spyt/sleg voel dat hy ...<br>• nie vroeër vir Barta gekonfronteer het nie.<br>• nie meer pogings aangewend het om die Komoeties te sien nie.<br>• nie opgestaan het teen Elias se mishandeling nie.<br>• nie vroeër weggeloop het nie.<br>• gedink het Fiela van hom vergeet het.<br>• ooit die sensusmanne ontmoet het.<br>• sy skuitjie vir Fiela gaan wys het toe die sensusmanne daar opgedaag het.<br>• nie harder probeer het om die magistraat te oorreed om hom vir Fiela te gee nie.<br>• nie harder probeer het om sterker bande met die Van Rooyen gesin te bou nie.<br>• Nina nie ondersteun het toe hy haar halfpad dorp toe moes vat nie.<br>• op sy suster verlief geraak het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Enige iets waaroor die karakter spyt of sleg kon voel binne konteks van die drama. Die antwoord op Vraag 7.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 7.19.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 7.19.2 | • Benjamin kon gouer gelukkig gewees het.<br>• Benjamin sou steeds gevoel het hy hoort iewers.<br>• Benjamin kon die ander kinders ook 'n beter lewe laat leef het.<br>• As Benjamin by die dam gebly het, sou niemand ooit van hom geweet het nie.<br>• Benjamin het geweet dis nie reg om op jou suster verlief te wees nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 7.19.1 en Vraag 7.19.2 wees.)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **35** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| AFDELING C: KORTVERHALE | | |
|---|---|---|
| | | |
| **VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*** | | |
| | | |
| **8.1 "VAN PRECIOUS: 'N BUISIE SALF" – Maretha Maartens** | | |
| | | |
| **VR NR** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 8.1.1 | (Mev.) Buchner | 1 |
| | | |
| 8.1.2 | Coenie moes ...<br>• selfversekerd/vol selfvertroue wees/maak asof hy alles van die saak af weet/in homself glo.<br>• 'n goeie liggaamshouding hê/sy skouers reguit maak/sy skouers waterpas hou.<br>• 'n netjiese voorkoms hê/sorg dat sy klere netjies is/nie lyk asof die hond hom in die saal ingedra het nie.<br>• glimlag/smile. (*Aanvaar die Engels hier aangesien dit in die teks staan.)*<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 8.1.3 | Coenie wou goed lyk/vir meisies aantreklik wees, maar in die werklikheid moes hy vrede maak met sy lelike vel (wat hom sosiaal onaanvaarbaar gemaak het).<br>Aan die een kant het Coenie gedink hy lyk monsteragtig, maar aan die anderkant wou hy ook net aanvaar word.<br>Coenie wou opgee, maar hy het voortgegaan.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Enige antwoord wat dui op begeerte teenoor die aanvaarding van die werklikheid verdien TWEE punte. Albei kante van die konflik moet genoem word. Indien net EEN kant genoem word, verdien die kandidaat EEN punt. Indien beide kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)* | 2 |
| | | |
| 8.1.4 | D die waarskuwings oor slegte weer op pad na die kompetisie. | 1 |
| | | |
| 8.1.5 (a) | D Die bestuurder van 'n voertuig het beheer verloor. | 1 |
| | | |
| 8.1.5 (b) | A Coenie was bekommerd oor Precious se toestand. | 1 |
| | | |
| 8.1.5 (c) | C Coenie se probleem was nie meer 'n faktor nie. | 1 |
| | | |
| 8.1.5 (d) | B Precious het belowe om die volgende Maandag vir Coenie salf skool toe te bring. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 8.1.6 | Ná hierdie gesprek het Coenie besef dat ...<br>• elke mens sy eie nagmerrieverhaal/probleme het.<br>• sy probleem opgelos kon word.<br>• die lewe kosbaar was/'n mens nie sommer ligtelik moes wens om dood te wees as jy 'n probleem het nie.<br>• die lewe oor meer gaan as oor hoe jy lyk.<br>• die waarheid jou vrymaak.<br>• jy nooit hoop moet verloor nie.<br>• mense mekaar moet ondersteun.<br>• dit die moeite werd is om aan te hou lewe.<br>• jy vir jou lewe kan pleit deur te bid.<br>• dit goed is om met mense te praat oor jou probleme.<br>• jy mense beter leer ken as julle oor probleme praat.<br>• ander mense se probleme groter as joune is.<br>• ‘n mens tyd moet maak om met ander mense te gesels.<br>• hy en Precious in verskillende realiteite leef/hy haar glad nie geken het nie.<br>• daar werklik "ondiere" soos Precious se verkragters is.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 8.1.7 | Ja.<br>• Sy het haar geheim alleen gedra.<br>• Sy het nie gewys dat iets fout was nie.<br>• Sy het uitgereik na ander/hulp aangebied/salf vir Coenie gegee.<br>• Sy het deur ‘n moeilike situasie gegaan, maar die positiewe in ander raakgesien./Sy was empatiek.<br>• Sy het hom laat besef dat hy nie al een is wat probleme het nie.<br>• Sy was ernstig beseer, maar het vir Coenie gehelp./Sy was hulpvaardig.<br>• Sy wou net sterf na die verkragting, maar nou het sy weer moed vir die lewe./Sy was sterk.<br>• Sy was verkrag; tog het sy op skool presteer.<br>OF<br>Nee.<br>• Daar is niks te bewonder aan iemand wat nie die vaardighede aangeleer het om te praat oor dinge wat pla nie.<br>• Precious het gedink die dood was die enigste uitkoms vir haar probleme.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat mag* omskryf/'n *voorbeeld gee of ‘n karaktereienskap wat jy kan bewonder, noem.)* | 2 |
| | | |
| 8.1.8 | • **Letterlik** sluit dit aan by die inhoud van die verhaal waar Precious salf/medisinale smeermiddel belowe om Coenie se aknee te laat opklaar.<br>• **Figuurlik** dui dit op Precious se verhaal wat vir Coenie heling gebring het./Die gesprek/raad/waarheid verander sy uitkyk oor homself en die lewe./Dit verwys na vertroosting/omgee/simpatie/ begrip/om hartseer te verlig.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Letterlik en figuurlik hoef nie genoem te word nie, maar dit moet duidelik uit die antwoorde afgelei kan word.)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| **8.2 "VEGVLIEËNIER VIVIAN" – Francois Geringer** | | |
|---|---|---|
| **VR NR** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 8.2.1 | • (Toe sy 'n Mirage) by die Paasskou (gesien het).<br>• Toe sy vir die eerste keer in 'n Mirage gesit het.<br>• By die weermaguitstalling.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.2 | • Die opdrag wat hulle moes uitvoer/om Migs neer te skiet/, het haar ontstel.<br>• Haar kollegas se negatiewe houding daardie oggend het haar ontstel./Die mans het haar nie as kameraad aanvaar nie/hulle eie kringetjie gevorm/haar geïgnoreer./Omdat sy 'n vrou is, dink hulle sy is 'n swakkeling.<br>• Dit was haar eerste sending en sy was bang.<br>• Op pad na die mirages was die kaptein voor, daarna die ander loodse en laastens Vivian (in orde van belangrikheid).<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 8.2.3 | Dit dui aan dat Vivian frustrasie/opstandigheid/woede ervaar het/ gefrustreerd/opstandig/kwaad/geïrriteerd/ teleurgesteld/rebels/ontsteld/ ontevrede was/gedink het, hy het gedink sy is nie goed genoeg nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.4 (a) | vir hulle omgegee het<br>*(Die antwoord op Vraag 8.2.4 (a) moet korrek wees om die punt by Vraag 8.2.4 (b) te verdien.)* | 1 |
| 8.2.4 (b) | • Hulle was soos broers vir haar.<br>• Hulle het saam swaargekry tydens opleiding.<br>• Sy wou haar spanmaats beskerm.<br>• Sy het geweet hulle lewens was in gevaar.<br>• Sy het verantwoordelikheid vir hul veiligheid aanvaar.<br>• Sy wou seker maak hulle word nie neergeskiet nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 8.2.4 (a) en Vraag 8.2.4 (b) wees.)* | 1 |
| 8.2.5 | • Teen die einde/slot was daar geen sprake van diskriminasie teen Vivian nie.<br>• Daar is net tydens die finale keuring/tot en met die aanval op die Migs teen Vivian gediskrimineer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.6 | B trots was op haar optrede in die gevegsone. | 1 |
| 8.2.7 (a) | Dit was 'n goeie verhouding/kollegiale verhouding/vertrouensverhouding/ respekvol/waarderend.<br>*(Die antwoord op Vraag 8.2.7 (a) moet korrek wees om die punt by Vraag 8.2.7 (b) te verdien.)* | 1 |
| 8.2.7 (b) | • **Vivian** het sy goeie optrede raakgesien en geprys.<br>• **Sydney** het haar goeie optrede raakgesien./Hy het ná haar optrede sy duim vir haar in die lug gesteek./Hy het haar besluite ondersteun/ "good for you" uitgeroep.<br>• Aan die einde aanvaar hulle haar as gelyke/word sy as heldin gesien/kry sy 'n eresaluut.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 8.2.7 (a) en Vraag 8.2.7 (b) wees.)* | 2 |

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 8.2.8 | • Vivian was 'n vasbyter.<br>• Sy wou bewys dat sy as vrou 'n goeie vegvlieënier kon wees.<br>• Vivian was 'n harde werker.<br>• Vivian kon hindernisse oorkom.<br>• Vivian het koelkop in noodsituasies gebly.<br>• Vivian sou in die toekoms op die volle ondersteuning van haar kollegas kon staatmaak.<br>• Sy sou kon voortgaan met haar kollegas se respek.<br>• Vivian was vreesloos/suksesvol in wat sy doen/akkuraat as vegvlieënier/het haarself bewys.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.9 | Eers het kaptein Swart Vivian stief behandel/getwyfel in haar vermoë/gediskrimineer teen haar as vrou/haar onderskat/hy was afsydig/nie positief/nie goed oor haar gevoel nie. Aan die einde het hy haar gesalueer/die vlerksaluut gegee/openlik geprys/erkenning gegee/ten volle aanvaar/met nuwe oë na haar gekyk.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Verskil moet duidelik uit die antwoord blyk. Indien net EEN kant genoem word, verdien die kandidaat EEN punt. Indien albei kante genoem word, verdien die kandidaat TWEE punte.)* | 2 |
| | | |
| 8.2.10 | Ja.<br>• John het haar van die begin af ontmoedig.<br>• John het vir haar gesê geen vrou sou/kon as vegvlieënier opgelei word nie.<br>• Hy het nie geglo dat 'n vrou dit kon doen nie.<br>• Sy woorde het haar op 'n stadium laat twyfel of sy kan.<br>OF<br>Nee.<br>• Vivian sou net haarself kon blameer, want sy sou haar man moes kon staan.<br>• Vivian moes haar eie keuse maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.11(a) | Hulle kon spyt/sleg voel dat hulle in hulle keuring teen Vivian gediskrimineer het a.g.v. haar geslag/nie meer vroue gekeur het nie/bevooroordeeld teenoor vroue was/haar gestereotipeer het/oor haar fisieke vermoëns getwyfel het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde.Die antwoord op Vraag 8.2.11 (a) moet korrek wees om die punt by Vraag 8.2.11 (b) te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 8.2.11(b) | (Hulle kon spyt wees) omdat sy uiteindelik bewys het wat sy kon doen.<br>Vivian sou nie alleen die stryd teen vrouediskriminasie moes beveg nie.<br>Alle vooroordeel is verkeerd.<br>Vivian was aan die einde suksesvol.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 8.2.11 (a) en Vraag 8.2.11 (b) wees.)* | 1 |
| | | **[35]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **35** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 "Huisie by die see" – HA Fagan

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.1 | nag/aand<br>*(Aanvaar nie "donker" nie).* | 1 |
| 9.1.2 | • Daar was 'n **woeste storm** aan die gang./Daar was **hewige golwe** teen die huisie/rots. (Strofe 1)<br>• Die **wind** het **sterk** gewaai/beskryf die **klanke** buite die huis/die geluide van die **wind** maak die spreker bang/hoor die wind waai. (Strofe 2)<br>• In die **huisie** was dit **veilig**/warm/snoesig/knus/die spreker het veilig gevoel/Die storm woed buite, maar in die huisie is dit veilig. (Strofe 3)<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Hoofgedagtes kan in volsinne of twee woorde/begrippe saamgevat word; nie net een woord nie.)* | 3 |
| 9.1.3 | aaneen | 1 |
| 9.1.4 | B geloofwaardig. | 1 |
| 9.1.5 | • Die spreker glo aan sy huisie se stewigheid/wat op rots gebou is/ digtheid.<br>• Die spreker is nie bang nie.<br>• Die spreker is selfversekerd.<br>• Die spreker is uitdagend.<br>• Die spreker voel veilig/warm.<br>• Die spreker se geloof is sterk, die storms kan maar kom.<br>• Die spreker kan die storms van die lewe/moeilike tye trotseer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.1.6 (a) | D assonansie | 1 |
| 9.1.6 (b) | E personifikasie | 1 |
| 9.1.6 (c) | B vergelyking | 1 |
| 9.1.6 (d) | A alliterasie | 1 |
| 9.1.7 | RUIMTE:<br>• **Buite sy huis**/die oseaan/die see<br>• **Binne sy huis**/huisie.<br>VERDUIDELIKING:<br>• (Die spreker voel positief daaroor) om binne sy huisie te wees, want hy is **veilig/ beskermd/dit is warm/dig/lig daar**.<br>• (Die spreker voel positief daaroor) om buite sy huisie te wees, want **die rots laat hom veilig voel**.<br>*(Twee ruimtes en verduidelik waarom die spreker een ruimte positief beleef. Aanhalings kan aanvaar word.)* | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 9.1.8 | Ja.<br>• Die spreker gebruik sy/haar sintuie om die natuur te beleef/hoor en sien die natuur (van naby).<br>• Jy sal net jou huis op 'n rots naby die see bou as jy van die natuur en natuurelemente hou./Die spreker het 'n huisie by die see gebou./Die spreker bly by die see.<br>• Die spreker is nie bang vir die woeste see nie.<br>• Hy sien die rots as iets wat hom help.<br>OF<br>Nee.<br>• Die storms pla hom./Woorde soos slaan/woeste krag/ruk/verlore siele wys dat hy nie positief voel nie.<br>• Die storms maak die spreker bang,(maar hy wil ten spyte daarvan wys hoe sterk sy geloof is.)<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. 'n Aanhaling alleen is nie genoeg nie.* ***Enige EEN sinvolle rede vir sy liefde vir die natuur of nie, verdien TWEE punte****.)* | 2 |
| | | |
| 9.1.9 | • Dit beklemtoon/wys/sê hoe **klein** die huisie (in vergelyking met die woeste storm) is.<br>• Dit sluit aan by woorde soos "vuurtjie" en "kersie".<br>• Dit wys hoe nietig/weerloos 'n mens teen die aanslae van die lewe is.<br>• Dit dui op die spreker se liefde/omgee vir sy huis/vertroue in sy huisie/waardering.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

| **9.2 'RONDOM MY' – Dawie de Jager** | | |
|---|---|---|
| | | |
| **VR NR** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 9.2.1 | toekoms wil doen | 1 |
| | | |
| 9.2.2 | • Die inhoud is liries/druk sterk persoonlike gevoelens uit, bv. liefde/smart/twyfel.<br>• Die ritme pas by 'n lied.<br>• Die herhaling/refrein (van woorde/versreëls)<br>• Die gebruik van alliterasie en assonansie/halfrym/klankryk.<br>• Woorde wat rym.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| 9.2.3 | Hy/sy is/voel spyt/jammer/moedeloos/hartseer/ongelukkig/onseker/ hulpeloos/versigtig/bekommerd/teleurgesteld/bedruk/depressief/ eensaam.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.4 (a) | ('n) metafoor | 1 |
| | | |
| 9.2.4 (b) | Die spreker sien dat die geliefde hartseer/ongelukkig/bedruk/depressief/ moedeloos/onseker is.<br>Die spreker sien die geliefde het ook al seergekry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | .<br>1 |
| | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 9.2.4 (c) | • Hy/sy sien net wat die geliefde vir hom/haar wil wys.<br>• Die geliefde wys nie alles wat hy/sy voel nie/die geliefde wys net 'n stukkie/bietjie/min van hom/haarself./Die geliefde het nog nie sy/haar hart vir hom/haar oopgemaak nie./Die geliefde hou nog sekere dinge/gevoelens terug/wys min van sy/haar gevoelens.<br>• Die geliefde probeer 'n bietjie van sy/haar hartseer wegsteek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die letterlike betekenis is verkeerd.)* | 1 |
| | | |
| 9.2.5 | • Die **spreker** gee die geliefde tyd om te dink.<br>• Die **spreker** gee die geliefde 'n keuse.<br>• Die **spreker** sê/herhaal ook "net as jy wil"/"As jy wil tyd vat hierdie keer"<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings kan aanvaar word.)* | 1 |
| | | |
| 9.2.6 | A versigtig | 1 |
| | | |
| 9.2.7 (a) | • Die spreker se haastigheid het die spreker:<br>○ **oorweldig/was te veel** vir hom/haar.<br>○ het hom/haar moedeloos/depressief/hulpeloos/bedruk/sleg/ ongelukkig/seergemaak laat voel.<br>• Probleme veroorsaak/hom/haar benadeel/eensaam/alleen laat voel.<br>• Die haastigheid is die rede vir sy/haar ongelukkigheid in die verlede.<br>• Dit het hom/haar gekelder/verhoudings vernietig/laat ly.<br>• Die spreker se haastigheid was sy/haar baas.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.7 (b) | • Dit is dinge **wat keer/**wat jou stop/rem/wat jou pla/weghou van die spreker.<br>• Deel nie alles nie.<br>• Bang/skrikkerig om kanse te vat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.8 | Ja.<br>• Die spreker het sy/haar les geleer/gaan nie weer ou foute herhaal nie.<br>• Die spreker gaan dit rustig vat/nie oorhaastig wees nie.<br>• Die spreker gaan die geliefde se vrese/behoeftes in ag neem.<br>• Die spreker wou die geliefde nie verander nie.<br>• Die spreker gee die geliefde 'n keuse.<br>• Die geliefde sukkel om oop te maak/emosies te wys.<br>OF<br>Nee.<br>• Dit sal van altwee afhang as hulle elke keer die verlede weer ophaal.<br>• Dit sou afhang wie van die twee verkeerd gaan doen.<br>• Die spreker spreek bloot die voorneme uit om nie weer foute van die verlede te maak nie/Dis menslik om dieselfde foute weer te maak.<br>• Miskien is hulle bloot nie vir mekaar bedoel nie.<br>• Miskien probeer die spreker die geliefde oorreed om in 'n verhouding te wees wat nie gaan werk nie – dis dan die spreker se skuld.<br>• Die geliefde sukkel om oop te maak/emosies te wys.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Beoordeel elke antwoord op meriete.)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 9.2.9 | • Baie tieners bevind hulle in verhoudings/verhoudings is belangrik vir tieners.<br>• Tieners kan oorhaastig in verhoudings betrokke raak./Tieners moet weet verhoudings neem tyd om te groei.<br>• Tieners kan op selfsugtige wyse net aan hul eie behoeftes dink.<br>• Tieners verstaan nie altyd dat die ander een in die verhouding toegelaat moet word om te kies nie/moet besef dat die ander een homself/haarself mag wees.<br>• Tieners aanvaar mekaar nie met al hulle foute nie.<br>• Tieners leer mekaar nie beter ken nie.<br>• Tieners is nie altyd hulleself nie en gee voor in verhoudings.<br>• Tieners gee mekaar ook nie altyd genoeg spasie nie/kan verhoudings forseer/het te hoë verwagtings van geliefdes.<br>• Tieners se harte kan maklik breek as hulle verkeerde besluite neem.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidate kan by implikasie na jy/ons in plaas van tieners verwys)* | 2 |
| | | |
| 9.2.10 (a) | (Die spreker sou kon spyt/sleg voel dat hy/sy) te haastig was/dinge nie tyd gegee het om rustig te ontwikkel nie/mislukte verhoudings/nie die boodskap in die geliefde se oë kon sien nie/in vorige verhoudings die persoon miskien wou verander/dat die spreker iemand seergemaak het. Die spreker het nie die geliefde se gevoelens in ag geneem nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings kan aanvaar word. Die antwoord op Vraag 9.2.10 (a) moet korrek wees om die punt by Vraag 9.2.10 (b) te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 9.2.10 (b) | Die spreker se oorhaastigheid lei tot mislukking.<br>Om te haastig te wees, lei tot harte wat gebreek word/vorige verhoudings wat nie uitgewerk het nie/dit het hom/haar ondergekry.<br>Die spreker het die geliefde nie genoeg/heeltemal verstaan nie/ misverstaan.<br>As jy aanhoudend seerkry in 'n verhouding, sal dit misluk.<br>In 'n verhouding waar net een se gevoelens in ag geneem word, sal die verhouding misluk.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die motivering moet by die antwoord in Vraag 9.2.10 (a) pas. Daar moet 'n duidelike korrelasie tussen Vraag 9.2.10 (a) en Vraag 9.10.2 (b) wees.)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **35** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou